Desember 2011

# SENWES scenario



## BINNE

BOER MET 'N REKENAARTABLET ONDER JOU ARM

NIËL ROSSOUW

# Verruil onluste vir plaaslewe

KERSFEES-UITGAWE

Senwes


WEN
'N REIS NA DIE
MALEISIESE
F1 GRAND PRIX
Met die aankoop van 200L Engen kwaliteit smeermiddels staan u 'n kans om die reis van 'n leeftyd te wen na die Maleisiese F1 Grand Prix.
Promosie geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember 2011.
Bepalings en voorwaardes geld.
www.engen.co.za
ENGEN
GUARANTEED
QUALITY
ENGEN
Met ons is jy Nommer Een








# inhoud

DESEMBER 2011 • KERSFEES-UITGAWE


## REDAKTEURSBRIEF
2 Boer met verbeterde tegnologie

## KERSBOODSKAP
4 Wat beteken "Geseënde Kersfees" vir jou?

## INTERIM RESULTATE @
8 Senwes ongeouditeerde resultate

## HOOFSTORIE @
10 R150 miljoen se John Deere pakhuis verminder wagtyd

## BRANDE
12 Verwoestende brande: produsente moet paraat wees

## KOLLIG OP NIËL ROSSOUW @
14 Polisieman volg sy hart

## LANDBOU-TEGNIEK @
18 Graanprysbestuur 365 dae 'n jaar – jou boerdery is uniek

## SENWES VILLAGE @
24 Senwes Village Christmas Promotion: Are you ready to relax?
26 Village vier tiende verskaffersgholfdag op hoë noot
28 Wie is waar?

## SENWES GRAINLINK @
34 Grainlink brei uit na Zambië
34 Ontmoet jou nuwe Grainlink personeel
34 Grainlink personeel groet Senwes
34 Baie geluk!
35 Tegnologie is prioriteit by laboratorium
36 Oormatige reën skep graadprobleme
40 Etanolindustrie reeds rotsvas gevestig
43 Grainlink woon berokingsimposium by
43 Hoopstad mielieboer van die jaar gekroon
43 Silo's sluit stroopseisoen af met skaalbraai

## TOEKOMSBLIK
44 Neem jou kantoor saam land toe




## DEVELOPING AGRICULTURE
50 The story behind Safex

## ALGEMEEN
3 ALLES EN NOG WAT: Spotprent; Sê Wie; Uit Ouma se medisynekas en meer
55 LEEFSTYL: Wen met *Senwes Scenario* en Feather Hill Spa asook Argilla; en 'n fliekresensie

## RUBRIEKE
48 AGRI-WENKE: 'n Wenk of twee vir die somer
56 VIR DIE SIEL: Sonder jou is die graaf te swaar vir my
60 IN MY VISIER: 'n Kuier in Boesmanland

## COMPETITION @
58 Perfect for those who are health conscious

## NUUS
55 Ou buitebande maak snoesige hondebedjies
55 Graanpryse verskyn later
57 Winste uit rugbyklere vir goeie doel aangewend
57 Senwes spreek jongboere se behoeftes aan
58 Senwes bedank verskaffers met spogfunksie

**OP DIE VOORBLAD**

**Niël Rossouw, 'n hoender-, saai-, en veeprodusent, het voordat hy begin boer het eers in die reaksie-eenheid van die polisie gewerk. Vandag is hy nie vir een oomblik spyt oor die skuif wat hy gemaak het nie. Lees meer oor Niël se boerdery op bladsy 14. Die voorbladfoto is deur Wayne Viljoen geneem.**

@ Dui *Senwes Scenario*-artikels aan wat beskikbaar is op Senwes se webwerf by *www.senwes.co.za*

# Boer met verbeterde tegnologie


Ruth Davies

**Onthou jy nog die dae toe** motors slegs met bandspelers en *fancy* vier-venster-lugreëling uitgekom het, met 'n papier-padkaart van ons land se paaie (wat opgevou onder een van die agterste sitplekke gelê het) en jou tiener wat die GPS-stem vertolk het?

Dit laat my terugdink aan die dae toe ma vir my en ousus by die skool kom optel het met Pampoen – 'n Passat. As daardie Passat se wiele by ons huis-oprit uitgedraai het, was ons boelhond voor op die sitplek langs my ma om haar geselskap te hou en te beskerm (alhoewel hy meer bek as binnegoed was) en so het hulle vir ons voor die skoolhek gewag. Die skoolklok het skaars "tring" gesê of ek en my sus was al in die kar, al duikend agter die voorste sitplekke in. Ek en sy spekuleer steeds vandag oor wie ons die skaamste voor gekry het – die uittand, uithangtong, snorkende woef voor op die sitplek of Pampoen of albei. Al het ons hóé skaam vir die motortjie gekry, was ons tog bitter spyt toe Ma hom verkoop het, want toe mis ek en my sus uit op 'n tipiese studentemotor.

Net soos wat motors se tegnologie en *look* vandag anders daaruit sien as twintig jaar gelede, is die produsent se manier van besigheid doen en sy kantoor-opset ook besig om drasties te verander. Lees meer op bladsy 44 van dié uitgawe van die nuwe speelding wat op die mark is, wat die lewe van vandag se besigheidsman-produsent net soveel makliker, vinniger en meer gerieflik kan maak.

John Deere Suid-Afrika investeer in 'n R150 miljoen moderne onderdele-pakhuis in Gauteng, waarvan die standaard en tegnologie soortgelyk is aan bestaande John Deere onderdelepakhuise in die VSA en Europa. Om meer oor dié projek, wat reeds afgeskop het, te lees, blaai na bladsy 10.

Op bladsy 4 is daar 'n paar gesigte wat jy moontlik vanuit vorige *Senwes Scenario* 2011-uitgawes sal herken. Net soos dié produsente julle met 'n Kersfees-boodskap laat, wens ek jou en jou gesin 'n Kersfees toe wat vir elkeen 'n unieke, vars boodskap vanjaar sal inhou en mag 2012 nuwe deure vir jou boerdery laat oopgaan.

Kersgroete

*Ruth*


## SENWES SCENARIO

**HOOFREDAKTEUR**
Johan Grobler, Assistent Hoofbestuurder: Korporatiewe Bemarking, Senwes, Tel: (018) 464-7199
E-pos: *johan.grobler@senwes.co.za*

**UITGEWER**
Johan Smit, Infoworks
Tel: (018) 468-2716 Sel: 082 553 7806
E-pos: *johan@infoworks.biz*

**REDAKTEUR**
Ruth Davies, Infoworks
Tel: (018) 468-2716 Sel: 083 583 5243
E-pos: *ruth@infoworks.biz*

**MEDEWERKERS**
Koos Barnard, Johan Bibbey, ds Willie Botha, Izak du Plessis, Johan du Toit, JanDirk Engelbrecht, Thys Grobbelaar, Ilana Koegelenberg, Ronél Koen, Louise Kunz, Sipho Lowane, Jacques Odendaal, Ramondé Odendaal, Gerrit Oosthuizen, Peter Mascher, Bernard Muller, Mariana Purnell, Castuff Sekgala, Theo Venter.

**ADVERTENSIES**
Ingrid Bailey, Infoworks
Tel: (018) 468-2716 Sel: 082 744 6971
E-pos: *ads@infoworks.biz*

**UITGEGEE EN GRAFIES VERSORG DEUR INFOWORKS**
Uitlegkunstenaar: Mercia Venter
Tel: (018) 468-2716, Postnet Suite 32, Privaat sak X10, Flamwood, 2572

**SUBSKRIPSIE**
JanDirk Engelbrecht
Tel: (018) 464-7604
Faks: 086 504 2313
E-pos: *jandirk.engelbrecht@senwes.co.za*

**EIENAAR**
Senwes, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Tel: (018) 464-7800

**DRUKWERK**
Colorpress
Tel: (011) 493-8622



- Alle regte van die inhoud van Senwes Scenario word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.

## Pieter & Tsepo




**Menig produsente sal in die toekoms aanklank vind by die iPad, ook genoem 'n tablet-rekenaar. 'n Landboutoepassing vir die iPad/tablet hou baie voordele vir produsente in.** **Lees meer hieroor op bladsy 44.**

### >> SAYS WHO?

Christmas is not a time nor a season, but a state of mind. To cherish peace and goodwill, to be plenteous in mercy, is to have the real spirit of Christmas.

– CALVIN COOLIDGE –

### >> SÊ WIE?

Behandel jou meerdere met beleefdheid omdat dit jou plig is; jou gelyke omdat dit jou plesier is; jou mindere omdat dit jou voorreg is.

– CJ LANGENHOVEN –

# Strange Christmas traditions



**Czech Republic:** On Christmas Eve, unmarried Czech women predict their relationship status for the upcoming year. They stand with their backs to the door, toss one of their shoes over their shoulders and if the shoe lands with the toe facing the door, that means they'll get married next year. If it lands with the heel facing the door, they are in for another year of unmarried status.

**Japan:** For many Japanese, a traditional Christmas dinner is Kentucky Fried Chicken. It is so popular and well marketed that reservations may have to be made to eat at a KFC on Christmas in Japan.

**Norway:** Legend has it that on Christmas Eve witches and evil spirits come out looking for brooms to ride on (a bad omen). To thwart the witches, all brooms in the house are hidden and men go outside and fire a shotgun to scare the bad spirits away.

**Caracas:** In Caracas, Venezuela, churchgoers attend an early morning mass between December 16th and December 24th. What is unusual about this practice is that everyone gets to church on roller skates. The night before the children tie one end of a piece of string to their big toes and hang the other end out the window. As roller skaters go by the next morning, they give a tug to all the strings hanging out the windows.

Source: *www.openjourney.com/article/*

### >> UIT OUMA SE MEDISYNEKAS



**Pannekoek:** Voeg 'n bietjie asyn, suurlemoensap of witwyn by pannekoekdeeg om te verhoed dat dit taai word.

**Gekookte eiers:** Sny hardgekookte eiers met 'n mes wat in water gedoop is en die eiergele sal nie breek nie. Dop gekookte eiers dadelik af om te keer dat 'n swart ring om die eiergeel vorm.



**Hakskene:** Wend olyf- of kookolie aan skurwe hakskene die aand voordat jy hulle skuur. Of meng die volgende saam en smeer mildelik aan: 2 potjies 500 gram Aqueousroom, 50 ml gliserien, 1 klein potjie wit Vaseline en 100 g babapoeier.



Bron: *http://peterjasie.co.za/boererate*

# Wat beteken "Geseënde Kersfees" vir jou?

NOG 'N JAAR IS OP SY RUG EN SENWES EN SY PRODUSENTE KYK MET DANKBAARHEID TERUG OP 'N GESEËNDE LANDBOUJAAR, TEN SPYTE VAN 2011 SE UNIEKE UITDAGINGS.

FRANCOIS STRYDOM (BESTURENDE DIREKTEUR: SENWES), JAPIE GROBLER (VOORSITTER: SENWES) ASOOK 'N PAAR PRODUSENTE WAT OP DIE VOORBLAAIE VAN SENWES SCENARIO IN DIE AFGELOPE JAAR VERSKYN HET EN HUL BOERDERYSUKSES-VERHALE MET LESERS VAN DIÉ TYDSKRIF GEDEEL HET, DEEL HIER HUL KERSFEES- EN NUWEJAARSWENSE.

Francois Strydom



**Wat beteken die woorde "Geseënde Kersfees" vir jou?**
Geseënde Kersfees beteken natuurlik eerstens uit 'n geloofsoogpunt dat ons mekaar seën toewens en die vergifnis en versoening van God met die mensdom vier. Dit is die grootste wonderwerk dat die Opperwese met ons bemoeienis maak en ook met ons daaglikse menslike bestaan empatie het. Ongeag elkeen se geloofsoortuiging, wens ek jou innerlike rus en vrede toe oor die Kerstyd.

**Watter Senwes oomblikke van 2011 staan vir jou uit?**
Senwes kon weer deur die jaar 'n wesenlike rol speel in die platteland van Suid-Afrika en ook in dele van Afrika waar ons teenwoordig is. Dit is op sigself 'n voorreg en ons beskou dit elke dag as 'n groot gebeurtenis om deel te wees van die voedselwaardeketting.

Die bou van verhoudings en veral die toevoeg van waarde, wat kan lei tot suksesvolle produksie van voedsel in ons land en die res van Afrika, is ons werk en 'n uitdaging. Ons kon vanjaar suksesvol met Bunge, die internasionale kommoditeitsreus, 'n gesamentlike onderneming onderhandel en ons ook vestig in die Suid-Kaap saam met JDI as 'n rolspeler in die voorsiening van John Deere toerusting.

Die handhawing van goeie finansiële prestasie is vir ons baie belangrik, maar om 'n rol te speel in die gemeenskappe waar ons optree, verskaf vir my die grootste satisfaksie. Projekte soos Agri Securitas, From Greens to Dreams, Spinners in samewerking met Noordwes Krieket, ons verbintenis met die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom en die Universiteit van die Vrystaat asook ons noue werksverhouding met die onderskeie landbou-unies, Agri NW en Vrystaat Landbou, is vir my persoonlik baie belangrik.

**Wat is jou Nuwejaarswens vir produsente?**
My wens vir al ons klante – beide aan die primêre produksie- en ook aan die verwerkingskant – vir ons insetverskaffers en personeel, vir die Direksie en Uitvoerende Bestuur en ook al ons aandeelhouers, is dat julle onderskeie besighede suksesvol en voorspoedig sal wees, dat ons verhouding tot meer volwassenheid en vertroue sal groei en dat ons vir mekaar meer sal beteken as net bloot die besigheid wat ons doen.

Japie Grobler



**Wat beteken die woorde "Geseënde Kersfees" vir jou?**
Gesondheid, vrede, vreugde en om by jou familie te wees. Tweedens beteken dit vir my om dankbaar te wees teenoor ons Hemelse Vader, vir wat ons elke dag onverdiend ontvang en laastens is dit die vreugde om te weet ons kan uit dankbaarheid teenoor ons Skepper leef.

**Watter Senwes oomblikke van 2011 staan vir jou uit?**
Vir my is die groot dinge juis die ou kleintjies. Om elke keer by Senwes se Hoofkantoor gegroet te word deur mense wat vriendelik, erkentlik en behulpsaam is; om die prestasie te erken wat ons elke maand kan aflewer op elke afdeling in Senwes; om verskaffers te ontmoet wat niks negatiefs op die tafel plaas nie, maar dankbaar is om met die span van Senwes geassosieer te kan word; om aandeelwaarde-groei te kon sien wat die aandeelhouers toekom en tevrede hou met hul belegging; en om deel te kan wees van die opwinding van groei deur Bunge, Afrika-lande en nuwe besighede of groei in bestaandes soos kalk, kunsmis of geografie, is van die oomblikke wat vir my uitstaan.

**Wat is jou Nuwejaarswens aan produsente?**
Dat julle die seën wat julle elke dag ontvang sal erken en uitleef, dat goeie gesondheid eerste sal kom en as bonus – uitstekende oeste en winste op jul ondernemings. Mag julle Senwes waardeer soos wat Senwes sy klante, aandeelhouers en verskaffers waardeer.

# *Produsente raak rustig ná planttyd*



**Janes Barnard (links voor), sy twee broers, Kobus (links agter) en Abraham (regs agter), en hul pa, Koos (regs voor), van Vlakplaas Boerdery, geleë naby Hoopstad, is vanjaar as die Graan SA/Syngenta Graanprodusent van die Jaar aangewys.**

**Wat beteken die woorde "Geseënde Kersfees" vir julle?**
Kersfees is nie maar net nog 'n dag, 'n geleentheid wat waargeneem moet word en spoedig weer vergeet moet word nie. Laat ons Kersfees in ons harte eer en probeer om dit die hele jaar deur te vier. Mag God hierdie Kersfees ons lig wees, die warmte van liefde, die luister van reinheid en die volheid wat Christus is.

**Watter Kerstyd-oomblikke staan vir julle uit?**
Om Kerstyd saam as geliefdes te verkeer is die bron van die grootste menslike geluk. Ons vertrou dat hierdie Kersfees lewens sal verander en families sal verenig ter ere van die Koning van alle Konings.

**Wat is jul Nuwejaarswens vir mede-produsente?**
Aan ons mede-graanprodusente wil Vlakplaas Boerdery 'n geseënde en voorspoedige 2012-land-boujaar toewens. David McKay het gesê: "Die voorreg om te werk is 'n geskenk, die krag om te kan werk is 'n seën en die liefde vir jou werk is sukses". Laat dit ons elkeen se leuse vir 2012 wees.

*vervolg op bladsy 6*

## Produsente raak rustig

*vervolg van bladsy 5*



**Anton Botha, wat in die Bultfontein-distrik boer, glo daarin om 'n uitstekende werksverhouding met jou plaaswerkers te hê, omdat dit lei na produktiwiteit op jou plaas.**

**Wat beteken die woorde "Geseënde Kersfees" vir jou?**
Gedagtes en goeie wense aan mense vir wie ons omgee en wat vir ons spesiaal is. Dit is 'n tyd wat ons gedagtes gaan aan mense vir wie ons omgee en indien moontlik om gelukkig saam met familie en vriende te kan kuier en met dankbaarheid en op 'n gepaste wyse die geboorte van Christus te kan herdenk.

**Watter Kerstyd-oomblikke staan vir jou uit?**
Die opwinding op die gesigte van ons kinders tydens kleuterkonserte wat die wonder van die geboorte van Christus uitbeeld. Hoewel dit gedurende Kersfeestyd gelukkig nie by ons sneeu nie, is 'n nat Kersfees baie lekker – maar eintlik is elke Kersfees baie spesiaal, ongeag die weer.

**Wat is jou Nuwejaarswens vir mede-produsente?**
Goeie gesondheid vir mede-produsente en hul werkers. Ek wens julle 'n geseënde, nat landboujaar toe, waar pryse vir jul produkte op winsgewende vlakke is.

> "Watter groter Kersgeskenk kan 'n produsent voor vra as 'n nat Kersfees?"



**Tom van Rooyen van Potchefstroom is as 'n finalis in die Graanprodusent van die Jaar-kompetisie in 2010 aangewys.**

**Wat beteken die woorde "Geseënde Kersfees" vir jou?**
God se seëninge het reeds vir ons in die moederskoot begin. Die seëninge is oneindig groot, Hy het Jesus gestuur om ons las ligter te maak.

Die eenvoudige en nederige Kersverhaal van ons Koning laat my opnuut nietig voel. Kersfees is een van die grootste seëninge vir 'n Christen, dit is die tyd wat ons weer God se seën op ons lewe kan ervaar en wanneer ons opnuut dankbaar moet wees daarvoor.

My seënwense vir Kersfees is dat God ons sal vul met geloof sodat ons kan glo en die nuwe jaar met die geloof van 'n kind kan begin.

**Watter Kerstyd-oomblikke staan vir jou uit?**
Elke jaar het sy eie spesiale oomblik, dit verander gelukkig van jaar tot jaar. Saamwees is vir my belangrik, veral saam met familie en vriende asook om by die huis op die plaas te wees – van geskenke uitdeel op Oukersaand tot die tradisionele gekookte ete op Kersdag. Tog staan die sing van Stille Nag op Kersoggend vir my meer uit. En ja, watter groter Kersgeskenk kan 'n produsent voor vra as 'n nat Kersfees?

**Wat is jou Nuwejaarswens vir mede-produsente?**
Ek hoop en vertrou dat elke produsent, in al die verskillende boerderyvertakkings, 'n wonderlike somerseisoen en jaar sal beleef.

Ek haal aan uit John Mason se boek *An enemy called average*:

- Pak dinge aan nog voor sukses gewaarborg is.
- Stel belang in ander mense.
- Reageer op eie mislukkings en erken dit voor ander dit moet ontdek.

Die ou Arabiese spreekwoord lui: "'n Weermag van skape gelei deur 'n leeu kan enige weermag van leeus gelei deur 'n skaap, verslaan." Kom ons staan saam en wees leiers en doen wat God van ons vra!

# Seisoensgroete
# Season's Greetings



**Aan al ons kliënte…**

*Julle getroue ondersteuning hierdie jaar word opreg waardeer. Mag die Kersseisoen vol geluk en vrede vir jou en jou geliefdes wees. Alles van die beste vir die nuwe jaar.*

**To all our clients…**

*Your loyal support this year is greatly appreciated. May the Festive Season be filled with joy and peace for you and your loved ones. Wishing you every success for the new year.*

Senwes

TOLLVRY/TOLL FREE: 080941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi



# ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE
## vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2011

**WINS NA BELASTING R113 m** – 25,6% groei

**WESENSVERDIENSTE VAN 66,9c/a** – 34,4% groei

**TUSSENTYDSE DIVIDEND VAN 20 sent per aandeel**

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2011

| | | GROEP | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Okt 2011 | Okt 2010 | April 2011 |
| | | Ongeouditeer | | Geouditeer |
| | % | R'm | R'm | R'm |
| Inkomste | 77,4% | 7 310 | 4 120 | 7 550 |
| Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie | 11,8% | 236 | 211 | 464 |
| Depresiasie en amortisasie | | (20) | (19) | (37) |
| Bedryfswins voor finansieringskoste | 12,5% | 216 | 192 | 427 |
| Finansieringskoste | | (48) | (64) | (115) |
| Wins na finansieringskoste | 31,3% | 168 | 128 | 312 |
| Ander inkomste | | 4 | 2 | 7 |
| Wins voor belasting | 32,3% | 172 | 130 | 319 |
| Belasting | | (59) | (40) | (100) |
| Wins vir die tydperk na belasting | 25,6% | 113 | 90 | 219 |
| Ander omvattende inkomste | | | | |
| Billike waarde aanpassings t.o.v. beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates | | - | (2) | (1) |
| Aanpassings in kontantvloeiverskansings | | (7) | - | - |
| Buitelandse valuta-omrekeningsverskille | | 2 | - | - |
| Total omvattende inkomste vir die tydperk, na belasting | 22,7% | 108 | 88 | 218 |
| Basiese verdienste en wesensverdienste | | | | |
| Wins na belasting | | 113 | 90 | 219 |
| Waardedaling van belegging | | 8 | - | - |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | | - | - | (1) |
| Wins met verkoop van beleggings | | - | - | (7) |
| Voorsiening vir aktuariële wins op pensioenfonds bydraes | | - | - | (1) |
| Wesensverdienste | 34,4% | 121 | 90 | 210 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000) | | 180 789 | 180 789 | 180 789 |
| Verdienste per aandeel (sent) | | 62,5 | 49,8 | 121,1 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | | 66,9 | 49,8 | 116,2 |
| Dividende | | | | |
| Dividende (sent) | | 20 | 10 | 35 |
| Interim dividend | | 20 | 10 | 10 |
| Finale dividend | | - | - | 25 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | | 7,14 | 6,19 | 6,80 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI
Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2011

| | GROEP | | |
|---|---|---|---|
| | Okt 2011 | Okt 2010 | April 2011 |
| | Ongeouditeer | | Geouditeer |
| | R'm | R'm | R'm |
| Kontant uit bedryfsaktiwiteite | 308 | 237 | 547 |
| Dividende ontvang | - | - | 1 |
| Belasting betaal | (50) | (49) | (92) |
| Finansieringskoste betaal | (48) | (64) | (113) |
| Kontantwins | 210 | 124 | 343 |
| Dividende betaal | (45) | (27) | (45) |
| Verandering in bedryfskapitaal | (89) | (116) | (290) |
| Netto kontantvloei uit bedrywighede | 76 | (19) | 8 |
| Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | (43) | (13) | (31) |
| Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite | 33 | (32) | (23) |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | - | 2 | - |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | 33 | (30) | (23) |
| Netto kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk | 17 | 40 | 40 |
| Netto kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk | 50 | 10 | 17 |

## BESIGHEIDSOORSIG

**BESIGHEIDSOORSIG – TUSSENTYDSE RESULTATE**

Senwes het voortgebou op die bullopie wat begin is in die tweede semester van die vorige jaar en het die eerste ses maande van die 2011/12 finansiële jaar met 'n 66,9c wesensverdienste per aandeel, 'n 34,4% verhoging teenoor die vorige jaar se ooreenstemmende tydperk, afgesluit. Die groep se omsette is hoër op R7,310 miljard, die bruto wins het verhoog na R598 miljoen wat ook deurgespoel het na 'n wins na belasting van R113 miljoen vir die eerste ses maande in vergelyking met die R90 miljoen van die vorige interim resultate.

Ten spyte van die 46% verhoging in kommoditeitspryse en gevolglike verhoging in bedryfskapitaal, is R33 miljoen kontant gegenereer en is die eie kapitaal verhouding van 40% steeds binne kapitaalhandhawingsriglyne van 35% - 45%. Die netto batewaarde het sedert jaareinde van R6,80/aandeel na R7,14/aandeel toegeneem.

**PRESTASIE VAN BESIGHEIDSEGMENTE**

***Senwes Credit***

Graanprodusente het die goeie oesopbrengs, tesame met 'n hoër graanprys benut, sy oes vroeër as gewoonlik gerealiseer en gevolglik sy skuld teen 'n stywe pas terugbetaal. Die agterstallige skuld op 31 Oktober 2011 was die laagste die afgelope vyf jaar en alhoewel die kredietmarge gevolglik onder druk gekom het, het die risikoprofiel van die klantebasis verder versterk.

Proaktiewe vestiging van kredietreëlings vir die 2011/12 produksiejaar het 'n groter markaandeel tot gevolg en het verder die produsent in staat gestel om vinniger en meer effektief die mark te kan betree vir die komende seisoen se produksie-insette en het dan ook 'n vroeër en groter opname van die nuwe krediet verseker.

***Senwes Village***

Die positiewe boerderymarge op die 2010/11 oes, die verswakking van die rand teenoor die VSA-dollar, sowel as die kapitaalvervangingsiklus wat die vorige twee seisoene verlangsaam het, het 'n gunstige meganisasiejaar voorspel.

Dié verwagting is egter oorskry en Village het 'n 81% verbetering in bedryfsresultate voor belasting teenoor die vorige jaar getoon. Village het ook sy besigheidsmodel met John Deere uitgebrei na die Wes-Kaap deur die verkryging van 'n 50% belang in JDI te Swellendam op 1 Oktober 2011. Herkapitalisering- en optimaliseringsaksies is reeds onderweg en 'n behoorlike ontplooiing van die volle besigheidsmodel sal eersdaags geskied.

***Senwes Grainlink***

Die 2011 someroes is gekenmerk deur 'n laat en lang oesseisoen wat tesame met die 13,5% afskaling in hektare aangeplant, 'n 17% kleiner oesinname tot gevolg gehad het. Daarbenewens het die graanprys vir 'n groot deel van die eerste semester onder die uitvoerpariteit verhandel en graanhandelaars het die geleentheid vir uitvoere aangegryp, wat tot 'n buitengewone uitlaaisiklus en dus kleiner silo-opbergingsinkomste gelei het. Die Mededingingskommissie het die Senwes/Bunge gesamentlike onderneming in die semester goedgekeur en Senwes kon deelneem in van die uitvoertransaksies wat goeie marges tot gevolg gehad het. Die gesamentlike onderneming met Imperial ten opsigte van die logistieke groep, Grainovation, het ook nuwe winsvlakke bereik en positiewe groei word steeds ondervind. Heelwat nuwe inisiatiewe het die lae voorraadvlakke teëgewerk en wins voor belasting van R117 miljoen (8% groei teenoor Oktober 2010) is afgelewer.

**VOORUITSIGTE**

Die vinniger versporingstendens behoort negatief in te werk op graanvoorraadvlakke en gevolglik kan silobergingsinkomste veral die tweede ses maande onder heelwat druk verkeer. Die laer graanvoorraadvlakke sal ook die besigheidsbasis van die verhande lingskamer negatief beïnvloed, maar verdere deelname aan uitvoertransaksies word in die vooruitsig gestel en behoort die impak tot 'n sekere mate te versag. Die hoë sake vertroue vir die seisoen gebaseer op gunstige kommoditeitspryse; verhoogde aanplan tingsintensies en goeie oordragvog is almal indikasies van 'n bevredigende inset- en meganisasiejaar en tensy buitengewone lae of laat reënval voorkom, word 'n sterk insetjaar verwag. Die kredietboek sal waarskynlik gesond groei op grond van 'n verwagte verhoging in markaandeel.

**ANDER ASPEKTE**

***Senwesbel vergroot belang in Senwes***

Gedurende die semester het Senwesbel sy belang in Senwes vergroot na 58,8% na die uitkoop van die 17% belang wat deur Royal Bafokeng Agri Investments gehou is.

***Skikking met Mededingingskommissie***

Die GSI-saak waarby verskeie landboumaatskappye betrokke was, is geskik met die Mededingingskommissie. Alle kostes is in die resultate van Oktober 2011 voorsien.

***Voorwaardelike aanspreeklikheid***

Na 'n lang regsproses is Senwes skuldig bevind deur die Mededingingstribunaal aan 'n margedruk klagte.

Senwes het suksesvol teen die uitspraak van die Mededingings Appèlhof by die Appèlafdeling van die Hoërhof geappelleer. Die Mededingings kommissie het egter daarna appèl aangeteken by die Grondwetlike Hof. Die appèl is op 22 November 2011 aangehoor en die uitspraak is voorbehou.

**DIVIDENDE**

'n Tussentydse dividend van 20c per aandeel (2010 – 10c per aandeel) is verklaar, gebaseer op 'n dividenddekking van drie op die halfjaarverdienste.

Die volgende datums is van toepassing:
**Rekorddatum:** 6 Desember 2011, om 16:00
**Betaaldatum:** 15 Desember 2011

Met volmag van die direksie

**1 Desember 2011**
**Klerksdorp**

**Hierdie resultate is ook beskikbaar op die internet by *www.senwes.co.za***
**Senwes Bpk (Registrasienommer 1997/005336/06),**
**Charel de Klerkstraat 1, KLERKSDORP, 2571, Tel: (018) 464-7800**

## VERKORTE BEDRYF-SEGMENTONTLEDING

| | Segmentinkomste | | | | Segmentresultate | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Oktober | | April | | Oktober | | April |
| | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm | % | 2011 R'm | 2010 R'm | 2011 R'm |
| Krediet (*Credit*) | 57 | 63 | 126 | (19%) | 22 | *27 | 50 |
| Insetverskaffing (*Village*) | 1 114 | 909 | 1 770 | 81% | 58 | 32 | 65 |
| Marktoegang (*Grainlink*) | 6 100 | 3 115 | 5 567 | 8% | 117 | *108 | 252 |
| Ander bedrywighede | 36 | 30 | 76 | (17%) | 5 | 6 | 4 |
| Normale bedryfsaktiwiteite | 7 307 | 4 117 | 7 539 | | 202 | 173 | 371 |
| Korporatiewe koste | 3 | 3 | 11 | 19% | (35) | (43) | (56) |
| Ander bedryfsinkomste | - | - | - | | - | - | 4 |
| Totale inkomste | 7 310 | 4 120 | 7 550 | | | | |
| Wins voor belasting | | | | | 167 | 130 | 319 |
| Belasting | | | | | (59) | (40) | (100) |
| Omvattende inkomste vir die tydperk na belasting | | | | | 108 | 90 | 219 |

* Bedrae is geherklassifiseer na die herorganisasie van organisatoriese strukture.

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
Soos op 31 Oktober 2011

| | GROEP | | |
|---|---|---|---|
| | Okt 2011 | Okt 2010 | April 2011 |
| | Ongeouditeer | | Geouditeer |
| | R'm | R'm | R'm |
| **BATES** | | | |
| Nie-bedryfsbates | 569 | 519 | 548 |
| Bedryfsbates | | | |
| Voorraad | 1 352 | 1 541 | 984 |
| Handels- en ander debiteure | 1 063 | 1 078 | 1 366 |
| Agentskapsgraandebiteure | 211 | 94 | 160 |
| Ander bedryfsbates | - | - | 31 |
| Kontant en korttermyn deposito's | 50 | 10 | 17 |
| | 2 676 | 2 723 | 2 558 |
| TOTALE BATES | 3 245 | 3 242 | 3 106 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| Kapitaal en reserwes | 1 292 | 1 120 | 1 230 |
| Nie-beherende belang | 6 | - | - |
| Nie-bedryfslaste | 362 | 439 | 446 |
| Bedryfslaste | | | |
| Handels- en ander krediteure | 655 | 584 | 333 |
| Rentedraende korttermynlenings | 837 | 987 | 1 021 |
| Ander bedryfslaste | 93 | 112 | 76 |
| | 1 585 | 1 683 | 1 430 |
| Totale laste | 1 947 | 2 122 | 1 876 |
| TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE | 3 245 | 3 242 | 3 106 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT
Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2011

| | GROEP | | |
|---|---|---|---|
| | Okt 2011 | Okt 2010 | April 2011 |
| | Ongeouditeer | | Geouditeer |
| | R'm | R'm | R'm |
| Aandelekapitaal | 1 | 1 | 1 |
| Aandelepremie | 67 | 67 | 67 |
| Verdeelbare reserwe | 1 224 | 1 052 | 1 161 |
| Saldo aan die begin van die jaar | 1 161 | 991 | 989 |
| Wins vir die jaar | 113 | 90 | 219 |
| Dividende betaal | (45) | (27) | (45) |
| Vorige jaar winste van geassosieerde | - | - | (2) |
| Ander omvattende inkomste | (5) | (2) | - |
| Ander reserwe | - | - | 1 |
| Nie-beherende belang | 6 | - | - |
| Totale ekwiteit en nie-beherende belang | 1 298 | 1 120 | 1 230 |




Senwes

**DIREKTEURE: JE Grobler (Voorsitter), JDM Minnaar (Onder-Voorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, JPL Alberts, Z Bassa, SF Booysen, JBH Botha, JAE Els, AJ Kruger, NDP Liebenberg, JJ Minnaar * Uitvoerend MAATSKAPPYSEKRETARIS: EM Joynt**

# R150 miljoen se John Deere pakhuis verminder wagtyd

’N REUSAGTIGE R150 MILJOEN SE JOHN DEERE LANDBOU-ONDERDELE-PAKHUIS, WAARVAN DIE STANDAARD GELYKSTAANDE AAN DIE MEES MODERNE PAKHUISE IN AMERIKA EN DUITSLAND SAL WEES, GAAN BINNEKORT IN GAUTENG NABY DIE OR TAMBO LUGHAWE OPGERIG WORD.




**John Deere is deurentyd bewus** van die feit dat die beskikbaarheid van onderdele van kritieke belang is waar klante besigheid doen en om terselfdertyd te verseker dat handelaars, soos Senwes, ook die kapasiteit het om klante effektief te bedien om sodoende staantyd tot die minimum te beperk.

“Die pakhuis gaan spog met moderne pakhuis-bestuurstelsels, tegnologie en logistieke vermoëns om te verseker dat onderdele-beskikbaarheid sal voldoen aan standaarde soortgelyk aan bestaande John Deere onderdele-pakhuise in die VSA en Europa. Die pakhuis gaan ook drie keer meer kapasiteit hê as die bestaande pakhuis in Rosslyn in Pretoria,” het Cor van der Slik (Onderdelebestuurder: John Deere) tydens ’n seremoniële opening van die perseel, waar die onderdele-pakhuis gebou gaan word, gesê.

Die oprigting van die pakhuis sluit aan by John Deere se visie dat daar groot moontlikhede vir uitbreiding na Afrika-lande suid van die Sahara wink. John Deere het trouens reeds ’n groot toename in verkope hier ervaar. “Verkope van werktuie soos trekkers buite Suid-Afrika is bykans gelykstaande aan plaaslike verkope. Plaaslik het die maatskappy vanaf November 2010 tot einde Augustus vanjaar reeds 2 094 trekkers verkoop, nadat hul verkope gedurende die vorige boekjaar 1 684 trekkers beloop het,” het Len Brand (Besturende Direkteur: John Deere) gesê.

“Hierdie belegging is in lyn met John Deere se voortdurende fokus om aan klante ’n unieke eienaarskapservaring te bied,” het Brand gesê.

John Deere beoog dat die bouwerk teen 9 Januarie 2012 afskop. Teen Augustus volgende jaar moet die rakke ingesit word, teen September

**Foto links: Len Brand (Besturende Direkteur: John Deere), regs, spit die sooi om die perseel waar die pakhuis gebou gaan word, amptelik te open. Graeme Green wat die ontwikkelaar (JT Ross ontwikkelaars) van dié projek is, staan by hom.**




Só gaan die nuwe John Deere pakhuis naby die OR Tambo lughawe in Gauteng lyk. Dit sal 'n oppervlakte van 20 000 m² beslaan en 'n addisionele 6 500 m² sal in die toekoms aangebou word.

word die voorraad ingebring en teen Oktober 2012 beoog hulle om operasioneel te wees.

John Deere het sedert 2005 ook ander kritiese beleggings gemaak om klantetevredenheid te verseker:

- 'n Aggressiewe handelaarontwikkelingsprogram wat bekend staan as "Die handelaar van die toekoms", waar daar van die handelaars verwag word om te belê in fasiliteite, personeel en opleiding, om maar net 'n paar te noem.
- In 2008 is die vakleerling-akademie gestig om leerders op te lei en sodoende trekker-tegnici te ontwikkel. Dit stel John Deere en sy handelaars in staat om jaarliks om en by 50 tegnici te laat kwalifiseer. In 2007 was daar slegs 140 tegnici landswyd teenoor vandag se 205.
- John Deere se personeelgetalle het met meer as 60% gegroei in 2011 om groeiende sub-Sahara Afrika-markte effektief te bedien.

"John Deere besef dat kliënte vandag meer benodig as net 'n trekker en het daarom 'n nuwe reeks produkte, byvoorbeeld implemente, toegevoeg tot sy produkmandjie."

- Die organisasie verwag dat die aanstellings sal voortduur oor die volgende twee jaar.
- Diens aan produsente het danksy rekenaar- en satelliettegnologie in so 'n mate verbeter dat selfs die grootste uitdaging vanaf 'n produsent se plaas opgelos kan word. DTAC (Dealer Technical Assistance Centre) stel 'n tegnikus in die veld in staat om probleme spoedig op te los as gevolg van direkte steun vanuit fabrieke, dag en nag, regoor die wêreld. Sodra 'n tegnikus 'n vraag oor 'n probleem op die internet rig, word hy binne 20 minute van raad voorsien – hetsy plaaslik of vanuit die buiteland.
- Die vestiging van twee kantore in Oos- en Wes-Afrika, onderskeidelik in Ghana en Kenia, om die nuut gevestigde handelaarsnetwerk daar te ondersteun.
- John Deere besef dat kliënte vandag meer benodig as net 'n trekker en het daarom 'n nuwe reeks produkte, byvoorbeeld implemente, toegevoeg tot sy produkmandjie om te verseker dat effektiewe oplossings beskikbaar is vir die produksieproses van alle segmente, van 'n hoogs kommersiële produsent tot by die kleinboer.
- John Deere het ook die finansiële oplossings wat aangebied word deur John Deere Financial uitgebrei met nuwe produkte vir kliënte en handelaars. Hierdie beleggings is noodsaaklik vir John Deere Suid-Afrika omdat hulle sedert November 2009 verantwoordelikheid aanvaar het vir die ondersteuning van handelaars rondom verkope, bemarking, onderdele en dienslewering vir landboutoerusting in sub-Sahara Afrika. Die groei was tot dusver verrassend goed en stel John Deere dus in staat om die beleggings te regverdig.

>> **Dié inligting is verkry vanuit 'n persverklaring wat in Oktober vanjaar deur John Deere uitgereik is.**



# Verwoestende brande: produsente moet paraat wees

*SENWES SCENARIO* HET IN DIE OKTOBER-UITGAWE BERIG OOR DIE VERWOESTENDE BRANDE WAT IN AUGUSTUS EN SEPTEMBER VANJAAR 'N PAAR LEWENS GEËIS HET, TALLE MENSE BESEER HET EN DUISEND STUKS VEE EN HONDERDDUISENDE HEKTAAR WEIVELD VERNIETIG HET.

**Jan de Klerk, 'n wildprodusent** in die Viljoenskroon-distrik, het in 'n e-pos terugvoer op dié artikel (Vlammehel! Geen keer aan golwende vlamme nie) gegee. "Ons as produsente kan nie toelaat dat dit só aanhou nie, maar ons moet ook ophou om ander mense die skuld te gee," het De Klerk gesê.

Volgens hom is brandstigting en nalatigheid wel van die grootste oorsake, maar hy sê dit is 'n "gegewe". "Ons sal ander planne moet maak, want as ek na die statistieke kyk, werk die huidige planne nie."

Ten spyte van al die onbaatsugtige hulp wat hy van sy mede-produsente tydens die brande kry, meen hy produsente is steeds nie paraat genoeg nie. Hy voer drie redes hiervoor aan:

1. Ons voorbrande is nie wyd genoeg nie.
2. Ons maak nie genoeg voorbrande nie.
3. Ons het nie 'n aksieplan om voorbrande "reg" en op die regte plekke te maak nie.

Hy stel die volgende voor:

1. Ons moet op sekere plekke in elke distrik ons voorbrande wyd genoeg maak, ten minste 150 m wyd, sodat ons areas het waar ons strategies bymekaar kan kom om teenbrande te maak.
2. Ons behoort langs die meeste paaie die gras te brand. Om die gras kort te sny is net 'n mooimaak-aksie. Dit keer nie 'n brand nie.
3. Ons moenie dink dat 'n voorbrand 'n plek is waar gras gesny is nie. Die gras moet fisies afgebrand wees.

"Indien ons dieselfde tyd, energie en kostes wat ons tans aanwend om vure te blus, gebruik om voorbrande reg en op die regte plekke te maak, sal ons baie minder sulke katastrofes soos vanjaar kry," het hy gesê.

Lees in die volgende uitgawe van *Senwes Scenario* meer oor moontlike oplossings vir verwoestende brande, die brandwet en brandstroke.



"Indien ons dieselfde tyd, energie en kostes wat ons tans aanwend om vure te blus, gebruik om voorbrande reg en op die regte plekke te maak, sal ons baie minder sulke katastrofes soos vanjaar kry."

# Senwes Brandrampfonds help produsente in nood



Japie Grobler (Voorsitter: Senwes), links, het tydens Agri SA se kongres op 13 Oktober vanjaar aan Agri NW en Vrystaat Landbou elk 'n bedrag van R220 000 oorhandig. Cor van Vuuren (President: Agri NW), middel, en Louw Steytler (President: Vrystaat Landbou), regs, het die tjeks in ontvangs geneem.

**Senwes het hande gevat met** sy klante en verskaffers om die produsente van die Vrystaat en Noordwes wat verliese gely het tydens vanjaar se vernietigende veldbrande, by te staan. 'n Brandrampfonds is gestig vir Agri NW en Vrystaat Landbou, waaruit elkeen van dié landbou-unies 'n bedrag van R220 000 ontvang het.

Buiten die kontant en produkte wat deur produsente geskenk is, het hul boonop mielies beskikbaar gestel vir verkoop. Senwes kon hierdie mielies vir ongeveer R200 000 in die mark verkoop.

Van Senwes se verskaffers het ook hul harte oopgemaak en 'n verskeidenheid veemedisyne en waterpyp is geskenk. Senwes bedank Engen, Pfizer, MSD, Cipla, Bayer, Afrivet, Ceva en Vergenoeg Pype vir dié skenkings. Die produkte is tussen Agri NW en Vrystaat Landbou verdeel.

"Namens Senwes bedank ek ook ons klante en die betrokke verskaffers vir die bydraes wat elkeen gemaak het ten opsigte van grane of produkte wat geskenk is ten bate van die Brandrampfonds. Ek weet dat elke skenking 'n wesenlike bydrae gemaak het tot die finansiële en emosionele herstel van die produsente wat verliese gely het," het Francois Strydom (Besturende Direkteur: Senwes) gesê.

Hy het verder gesê dit is vir Senwes 'n groot voorreg om deel te wees van 'n netwerk van dinamiese ondernemings en individue wat eienaarskap openbaar ten opsigte van ons landelike gemeenskappe en waarop staat gemaak kan word wanneer die nood druk.

Volgens Jack Armour (Bedryfsbestuurder: Vrystaat Landbou en Bestuurder van die Rampfonds vir Vrystaat Landbou) ontvang die landbou-unies al hoe minder bystand van die staat en daarom het hulle die grootste waardering vir Senwes se ondersteuning. "Die fonds help produsente in nood om vinniger weer op hul voete te kom," het Armour gesê.

Boeta du Toit (Hoofbestuurder: Agri NW) sê dat die projek 'n prysenswaardige poging van Senwes, sy klante en verskaffers is. "Dié gebaar getuig van die meelewing van die mense in ons landboufamilie," het Du Toit gesê.

Die plaaslike boereverenigings het 'n amptelike skrywe, wat die produsente se besonderhede wat voer en diesel benodig, bevat, via hul streeksverteenwoordigers by die onderskeie landbou-unies ingehandig. Agri NW en Vrystaat Landbou het die geld volgens 'n meriete-sisteem aan dié produsente toegeken.



Hulp het ingestroom van alle oorde. Senwes Village in Bloemfontein het veeprodukte by Vrystaat Landbou (VL) afgegee om produsente wat geraak is deur die verwoestende brande by te staan. Van links is Carmen Frylinck (Administratiewe Beampte: Vrystaat Landbou Ramp en Noodhulp), Gerhard Odendaal (Bestuurder: Senwes Village, Bloemfontein), dr Jack Armour (Bedryfsbestuurder: Vrystaat Landbou) en Dave van der Sandt (Vloerbestuurder: Senwes Village, Bloemfontein).



As sy seun Wynand eendag saam met hom kom boer, sal Niël die beesboerdery aan hom oorgee.

# Polisieman volg sy hart

NIËL ROSSOUW, VAN DIE PLAAS GOEDGEDACHT IN DIE OTTOSDAL-DISTRIK, WAS 'N POLISIEMAN WAT VIR 'N PAAR JAAR IN DIE REAKSIE-EENHEID GEWERK HET, MAAR HY WOU GAAN DAAR WAAR SY HART LÊ EN DIT WAS OP DIE PLAAS. "EK WIL BOER, DIS WAT EK MY LEWE LANK NOG WOU DOEN," VERTEL NIËL.

**> TEKS: RUTH DAVIES**
**> FOTO'S: WAYNE VILJOEN**

**Hy het Senwes se produkte en** dienste eers op die proef gestel toe hy in 1995 begin boer het, maar het gou besef dat Senwes 'n veilige vennoot is en só finansier dié Maatskappy vandag steeds al sy boerderyinsette.

### HOE HET HY BEGIN?

"Al wat ek gehad het toe ek op die plaas aankom, was my Volksie. Ek moes gaan geld leen om vir my hoenders kos- en waterbakke in te sit," vertel hy. Al wat hy gedoen het en steeds doen om sy kennis oor boerdery op te bou, is deur te gaan kers opsteek by produsente in sy omgewing wat goed presteer. Hy woon ook graag boeredae by, is deel van Ottosdal-suid studiegroep asook lid van Graan SA. "Al kan ek huis toe gaan en net een ding geleer het by 'n inligtingsdag, is ek gelukkig. Ek het al baie skoolgeld betaal, daarom vra ek nou baie vrae."

Hy het met 65 ha grond begin en toe mettertyd meer bygekoop. Vandag bewerk hy ongeveer 1 200 ha waarop hy mielies en sonneblom verbou. Senwes Landboudienste het sy lande ingedeel volgens grondpotensiaal, terwyl NviroCrop sy lande gekarteer het en grondchemie volgens die potensiaal toegepas het. Só is al die regstellings op sy gronde gemaak en hy pas presisieboerdery in sy boerdery toe.

Niël is besig om oor te slaan na bewaringsbewerking. "As 'n mens hierdie praktyk in jou boerdery wil toepas, is dit belangrik dat grondvoorbereiding in plek moet wees en dat jy seker moet maak dat daar geen verdigting is nie. Die heel belangrikste van dié praktyk, is die slaankrag van jou spuit."

Hy wissel mielies af met sonneblom. Op laer potensiaal gronde plant hy een jaar sonneblom en een jaar mielies, terwyl hy op sy swakste gronde drie jaar sonneblom en een jaar mielies plant. Op die hoëpotensiaal gronde plant hy slegs mielies.

Hy het vanjaar 250 ha se ruslande geplant, waarop hy 'n gemiddeld van 7 ton/ha gestroop het.

Niël vertel dat hy egter wil wegbeweeg van ruslande en eerder sojabone in sy plantsisteem inbring. "In plaas daarvan om my lande te laat oorlê, plant ek sojabone. Dit is te duur om 'n land vir 'n jaar skoon te hou. Ek sal die sojabone met mielies opvolg."

## GEWASKEUSES

Vir die afgelope vyf jaar plant Niël ongeveer 8 ha se proewe vir Monsanto en Pannar aan en hiervolgens bepaal hy sy kultivarkeuses. "Ek glo dat jy nie al jou eiers in een mandjie moet sit nie, maar ek glo ook in 'n mielie wat sy kant bring as dit 'n droë jaar is. Dit is nie altyd die mielies wat die heel beste in 'n proef vaar, wat jy kan plant nie." Niël glo net in BT-mielies. "Die saad is wel duurder, maar ek vind dit baie effektief."

Wanneer dit kom by onkruidbeheer maak hy van Technichem gebruik. "Voordat die lande skoon gemaak word, spuit ek Roundup, daarna spuit ek 'n gras- en breëblaaronkruiddoder en dan doen ek weer 'n laatbespuiting wanneer die koppe klaar gevorm het." Niël beklemtoon net weer die belangrikheid daarvan om die regte dosis te spuit, anders begin die onkruid weerstand opbou. Die pH van die water word ook eers getoets voordat die Roundup-mengsels aangemaak word. Omdat Niël en sy mede-produsente in die omgewing nie op watertafelgronde boer nie, is vogbewaring van kritieke belang. "My lande moet skoon bly. Ek boer met vog."

"Die persoon wat my geleer het van bemesting het altyd gesê: 'Suur grond het 'n suur bankrekening'. Dit wat ek onttrek uit my grond, sit ek altyd terug, plus nog 'n half ton ekstra."

Niël het al baie rondgespeel met rywydtes en die vyfvoet rye werk vir hom die beste. "Vyfvoet rye werk goed op die tipe grond wat ek het – hier is nie keerlae nie. Ek gaan ook in die toekoms probeer om bewaringsbewerking op vyf voet toe te pas."

## VEEFAKTOR

'n Veefaktor is ook al van die begin af deel van sy boerdery. Hy het begin met Bonsmaras, waarna hy oorgeskakel het na 'n Beefmaster stoet. Hy het egter verlede jaar opgehou om die stoet te bedryf, alhoewel dit nog geregistreer is. Niël boer nou met Beefmasters vir kommersiële doeleindes. 'n Beefmaster is 'n bees met uitstekende kwaliteite van 'n verskeidenheid beesrasse. "Ek selekteer gewoonlik so vyf speenkalwers, wat ek vir twee jaar hou en dan as kommersiële bulle verkoop en die verse hou ek terug om my kudde mee te vermeerder. Ek gebruik egter net stoetbulle hiervoor."

## HOENDERS

Niël het toe hy op die plaas aangekom het, twee store gehuur waarin hy braaikuikens gehad het, wat hy vir Agri Chicks grootgemaak het. Hy het mettertyd nog twee store bygehuur en vier hokke self gebou.

*vervolg op bladsy 16*

## >> NOG VYF MINUTE MET NIËL

**Met wie sal jy graag om 'n braaivleisvuur wil kuier en hoekom die persoon?**
Die bekende rugbylegende, Os du Rand. Hy is 'n voorbeeld vir baie jong rugbyspelers.

**Wat is die beste raad wat jy al ontvang het?**
Dit wat jy in die lewe doen, pak dit voluit aan. As jy iets aanpak en daar is 'n terugslag, moenie gaan lê nie.

**Wanneer dink jy is 'n mens suksesvol?**
Wanneer 'n man meer geld maak as wat sy vrou kan uitgee...

## >> HARDE WERK WORD BELOON

Niël was naaswenner in die Agri NW Jongboer van die Jaar kompetisie in 2005.



**Niël en sy vrou, Wilma, het drie kinders, Wynand (17), Sumarie (15) en Christel (14). Wilma is die bestuurder van 'n plaas-skool, wat op hul grond gebou is deur Wilma se oupa. Die skool het ongeveer 200 kinders.**

## Polisieman volg sy hart

*vervolg van bladsy 15*

"Die heel belangrikste aspek van bewaringsbewerking is dat jou spuit slaankrag moet hê."

Hy was later 'n kontrakgroeier vir Henwil Chickens, waarna hy vir tien jaar sy eie bemarking gedoen het en hoenders van kontrakgroeiers af gekry het. "My gesondheid het egter daaronder begin ly, waarna ek die hoenderbesigheid verkoop het."

Hy is daarna terug Henwil toe en is vandag 'n aandeelhouer in die abattoir. Henwil Chickens, geleë buite Lichtenburg, bedryf 'n braaikuiken-abattoir en 'n verwerkingsaanleg en bestuur self die bemarking en verspreiding van die verpakte hoendersnitte. Die maatskappy word besit deur 13 aandeelhouers, waarvan die meerderheid produsente is. Henwil is in eie reg 'n suksesvolle besigheid omdat meeste van die aandeelhouers self ook groeiers is.

Niël kry sy kuikens van Opti Chicks (Lichtenburg), National Chicks (Pretoria) en Eagles Pride (Koster). Per siklus word daar 153 000 kuikens in sy agt oop hokke geplaas. "Op dié stadium plaas ons sewe siklusse per jaar."

Die eerste dag wat die kuikens in die winter geplaas word, is die temperatuur 34ºC. Die temperatuur word stelselmatig tot 24ºC op 21 dae verlaag. Niël maak gebruik van Heatco oonde. Op die vraag of hy dink dit is beter om eerder omgewingsbeheerde hokke as oop hokke te gebruik, was sy antwoord: "Oop hokke verlaag die risiko van kuikens wat doodgaan en dit bestuur net makliker." Om elke huis apart te bestuur, het Niël self 'n program geskryf om die wins van elke hok te bereken. "Ek kan presies vir jou sê waar lê die fout by elke hok."

Niël boer met twee verskillende kuikenrasse – Ross en Cobb. Die bestuur ten opsigte van die twee rasse verskil. Buiten dat hulle nie dieselfde lyk nie, is die groeivermoë tussen die twee rasse ook verskillend. Die hoenders word op 35 dae geslag met 'n gewig van 1,8 kg. Die slagpale werk op 'n bonussiteem. "Die gewig moet so na as moontlik aan 1,8 kg wees. Dit mag nie onder 1,65 kg wees nie en ook nie meer as 1,85 kg nie."

Hy handhaaf 'n gemiddelde mortaliteitsyfer by sy hoenders van 4% per jaar, die voeromset is 1,7 kg voer per 1 kg vleis en 'n produktiwiteitsfaktor van 293 is verkry in die laaste siklus. Die hoenders se gesondheid word bestuur deur Dewald Steyn, 'n veearts waarvan Henwil gebruik maak.

Die hoenderbedryf pas goed in by sy saaiery, want as die mieliepryse swak is, sit hy 'n groot deel van die mielies terug in sy hoenders – en so voeg hy waarde toe. Hy gebruik ook die hoendermis by sy beeste en op die lande.

Net soos 'n polisieman wat nie kan gaan lê wanneer daar onluste plaasvind nie, gaan lê Niël nie as daar terugslae in sy boerdery is nie. Hy hou aan werk totdat die probleem uitgesorteer is.

### SENWES GESELS MET LOF OOR NIËL

Buks Taljaard (Bemarkingsassistent: Senwes Village, Ottosdal-distrik) het nie twee keer gedink om vir Niël voor te stel as die voorbladprofiel vir hierdie uitgawe nie. "Alhoewel sy boerdery in die hart van die NWK gebied geleë is en hy sy graan aan Kleinharts silo, wat op sy voorstoep lê, lewer, bestaan daar 'n baie goeie verhouding tussen hom en Senwes. Hy ondersteun Senwes en beveel mede-produsente aan na Senwes," sê Buks.



**Alhoewel Niël iets van als op sy plaas het, is hy 'n groot John Deere aanhanger en hy beplan om sy hele meganisasie-afdeling stelselmatig na John Deere oor te skakel.**

**Ruth Davies is die Redakteur van *Senwes Scenario*. Skakel haar by (018) 468-2716 vir meer inligting of stuur 'n e-pos na *ruth@infoworks.biz*.**

# Waterverwarmer sny elektrisiteitkoste tot 85%

**Presto word in huishoudings**, restaurante, badkamers, toilette, kantore, kroeë, hotelle, uitstal- en winkelsentrums, vulstasies en enige ander plek waar warm water benodig word, gebruik. Presto kits-waterverwarmers is die effektiefste, mees ekonomiese en gemaklikste manier om water te verhit.

### BESPAAR TOT 85% OP ELEKTRISITEITSKOSTE

Die gemiddelde 120 liter (31 gall) opgaarverwarmer kan soveel as 1 000 kW/h se elektrisiteit per jaar mors, omdat die water in die tenk konstant warm gehou word (verlore bystandshitte). Presto het geen bystandshitte nie en so bespaar dit jou geld wat jy aan krag sou betaal en bewaar boonop die omgewing.

### VERSKAF ONBEPERKTE WARM WATER

Presto vervang konvensionele opgaarverwarmers sonder om jou gemak of selfs jou warm watertoevoer te benadeel. Presto werk ongeag die posisie – regop, onderstebo of selfs skuins.

### VEILIG EN GOEDGEKEUR

Die Presto waterverwarmer handhaaf relevante EU-standaarde en wysigings en is gesertifiseer deur TUV Rheinland InterCert onder die IEC (IECEE) CB-skema. Die CB-toetssertifikaatnommer (HU-000803) is op 3 Junie 2011 uitgereik saam met die toetsverslag en verwysingsnommer (282 1095 1002).

Aangesien Presto teen 0 bar/MPa/PSI se druk werk en nie 'n opgaartenk het nie, verminder dit die kanse van skade aan jou eiendom in die geval van enige lekkasies of selfs barste.



### ONMIDDELLIKE WERKVERRIGTING EN WATERBESPARING

Die elektriese draad binne die Presto verwarmer maak die water warm binne 'n sekonde nadat koue water die eenheid ingevloei het. Deur dadelik warm water te voorsien waar dit gebruik word, mors Presto geen water nie. Jy het nie nodig om die water te laat loop soos die geval met ander toestelle, waar die water 'n kraan moet bereik wat ver van die toestel af is nie. Vir elke 15 m pyp kan jy dus tot 5 liter se koue water spaar – elke keer wat jy dit gebruik.

### GEEN WARM WATER WAT OPGEGAAR WORD NIE

Jy gebruik nie 24 uur per dag warm water nie, maar jy betaal om jou water 24 uur per dag warm te hou. Met 'n standaard waterverwarmer verhit jy dieselfde water oor en oor, selfs al slaap jy. Maak dit sin om geld te spandeer om water warm te maak en dan warm water op te gaar en warm te hou? Hierdie manier van opgaar is afgeleef en bots met slim, ekologiese en effektiewe gebruik van bronne.

### INGEBOUDE FILTER

Die maklik bereikbare filter verwyder vuilhede wat in die water opgaar. Die filter kan in minder as 'n minuut skoongemaak word, sonder die hulp van 'n professionele loodgieter. Dit is glad nie nodig om die kraan te verwyder of selfs die water toe te maak by die hoekklep nie.




Kilimanjaro
Granite & Water Heaters

PRESTO KITS WATERVERWARMERS

Presto Kits waterverwarmers is die effektiefste, mees ekonomiese en gemaklikste manier om water te verhit.

Presto waterverwarmers verskaf 'n onbeperkte hoeveelheid warm water na enige punt soos 'n wasbak, stort of selfs 'n bad.

Francois de Jager
Sel: 083 257 4815 • E-pos: fdejager@kgwh.co.za • www.kgwh.co.za

Bespaar tot 85% op elektrisiteitskostes
Verskaf onbeperkte warm water
Aanpasbare montering
Veilig en goedgekeur
Beskerm jou eiendom






# Graanprysbestuur 'n jaar

## *– Jou boerdery is uniek*

DIE NUWE SEISOEN SE OES IS IN DIE GROND, DIE PRODUKSIEREKENING HET BEGIN RENTE LOOP, DIE NODIGE NA-PLANT VERSORGING IS GEDOEN EN MNR PRODUSENT STAAN IN AFWAGTING EN MET GELOOF DIE OES EN INWAG. HY HET GEDOEN WAT HY KON, SY KOSTE MET OORLEG BESTUUR, DIE REGTE PRAKTYKE GEDURENDE PLANTTYD GEVOLG EN AS MOEDERNATUUR SAAMWERK IS DAAR 'N BELOWENDE OES OP HANDE.

**> TEKS: RAMONDÉ ODENDAAL**

**Ongelukkig kan die produsent** nie net op Moedernatuur se samewerking staatmaak vir 'n winsgewende oes nie. Ja, opbrengs speel 'n groot rol by maksimum wins, maar so ook die prys. Dit is makliker gesê as gedaan, want een van die faktore waaroor 'n produsent tot 'n mindere mate beheer het, is graanpryse. Veranderings in die graanprys van internasionale en nasionale markte asook die beskikbaarheid van graanvoorrade, wisselkoersaanpassings en weersomstandighede veroorsaak dat markpryse voortdurend verander en prysrisiko meebring. Hieroor het die produsent nie beheer nie.

Die produsent het egter beheer oor sy bemarkingsbesluite tot die mate wat Safex-pryse bepaal. Indien hy dus verkeerde bemarkingsbesluite neem, kan dit die winsgewendheid van die oes in die wiele ry.

'n Belangrike konsep van prysbestuur is om die hoogste gemiddelde prys oor tyd te behaal, met inagneming van risiko's en koste. Om dit reg te kry, moet die boerdery 'n bemarkingstrategie hê – een wat aanpasbaar kan wees na aanleiding van die verloop van die seisoen.

Die eerste som wat mnr Produsent moet maak, is: teen watter prys kan jy jou graan verkoop, sodat jy aan die einde van die produksieseisoen al jou koste kan verhaal en 'n wins genereer? Dit is dus belangrik om te weet waar die graanprys in rand/ton moet wees om die totale koste te kan dek.

Produksiekoste vir mielies in die Kroonstad-omgewing word in **Tabel 1** aangedui. Indien mnr Produsent 'n 4,5 ton langtermyngemiddeld het, sal dit hom R5 578/ha kos om vanjaar mielies te plant. Hierdie is slegs die direkte produksiekoste en sluit in items soos kunsmis, saad, brandstof en chemiese middels. Voorsiening van R450/ha is gemaak vir verskansingskoste. 'n Studiegroep-gemiddelde vir vaste koste in die Kroonstad-omgewing is ongeveer R1 180/ha. (Let wel: hierdie koste verskil van boerdery tot boerdery en volgens die grootte van die

**TABEL 1: PRODUKSIEKOSTE VIR MIELIES (R/HA) IN DIE KROONSTAD-OMGEWING.**

| | Direkte produksiekoste | Vaste koste | Totaal | Gelykbreekprys |
|---|---|---|---|---|
| **4,0 ton/ha** | R5 192 | R1 180 | R6 372 | R1 593 |
| **4,5 ton/ha** | R5 578 | R1 180 | R6 758 | R1 502 |
| **5,0 ton/ha** | R6 326 | R1 180 | R7 506 | R1 501 |
| **6,0 ton/ha** | R7 061 | R1 180 | R8 241 | R1 374 |

**Direkte produksiekoste sluit in kunsmis, saad, chemiese middels, brandstof en graanverskansingskoste. Vaste koste sluit in elektrisiteit, vaste arbeid, lewenskoste maar kapitale delging is uitgesluit.**

**TABEL 2: DIE WINSGEWENDHEID (BRUTO MARGE) VAN MIELIES IN R/HA, MET SLEGS DIREKTE PRODUKSIEKOSTE, TEEN VERSKILLENDE GRAANPRYSE.**

| Graanprys R/ton | 4,0 ton/ha | 4,5 ton/ha | 5,0 ton/ha | 6,0 ton/ha |
|---|---|---|---|---|
| 1 300 | 8 | 272 | 174 | 739 |
| 1 400 | 408 | 722 | 674 | 1 339 |
| 1 500 | 808 | 1 172 | 1 174 | 1 939 |
| 1 600 | 1 208 | 1 622 | 1 674 | 2 539 |
| 1 700 | 1 608 | 2 072 | 2 174 | 3 139 |

**TABEL 3: DIE WINSGEWENDHEID VAN MIELIES IN R/HA, MET TOTALE KOSTE IN AG GENEEM, TEEN VERSKILLENDE GRAANPRYSE.**

| Graanprys R/ton | 4,0 ton/ha | 4,5 ton/ha | 5,0 ton/ha | 6,0 ton/ha |
|---|---|---|---|---|
| 1 300 | -1 172 | -908 | -1 006 | -441 |
| 1 400 | -772 | -458 | -506 | 159 |
| 1 562 | -124 | 272 | 304 | 1 131 |
| 1 600 | 28 | 442 | 494 | 1 359 |
| 1 700 | 428 | 892 | 994 | 1 959 |

boerdery.) Indien die koste bygereken word by die produksiekoste, is 'n totale koste van R6 758/ha nodig om die jaar se oes te plant.

Gegewe hierdie inligting moet mnr Produsent 'n gemiddelde prys van R1 502/ton in sy sak kry om die oes te betaal. In **Tabel 2** en **Tabel 3** word die pryssensitiwiteit van mielies se winsgewendheid vir die koste in Tabel 1 getoon. Indien mnr Produsent slegs sy produksiekoste in berekening bring wanneer hy sy prys bepaal, sal 'n netto plaashekprys vir mielies van R1 300/ton sy totale produksiekoste kan betaal. Sodra vaste koste egter bygebring word, verander die scenario en is 'n bedrag van R1 562 per ton nodig om die dieselfde wins te genereer (verwys na Tabel 3). Vaste koste het dus 'n impak van R262/ton op die vertakking se winsgewendheid.

Sodra bepaal is watter prys vir 'n produk verkry moet word, ten einde totale koste te kan delg, kan daar gekonsentreer word op 'n strategie oor hoe om hierdie prys te kan verseker. Die boerdery kan nou bepaalde prysdoelwitte stel en dan met 'n sekere strategie bepaal hoe om by die prysdoelwitte uit te kom.

Terme soos vaste pryse en minimum pryse is al lank reeds deel van boerdery-terminologie. Daarom is dit belangrik om te weet watter tipes markstrategieë beskikbaar is en wat die voor- en nadele van elkeen is. Bly ook op hoogte van die marksituasies en -vooruitskouings. Daar is vandag baie markinligting beskikbaar deur net die druk van 'n knoppie. Op die Senwes (*www.senwes.co.za*) en Senwes.mobi (*http://www.senwes.co.za/mobi/*) webtuistes kan die daaglikse markbeweging, markverslae en ander belangrike graanmarkinligting gekry word.

Die produsent moet na aanleiding van die verwagtinge vir die seisoen 'n prysstrategie vasstel. In **Grafiek 1** word twee scenario's getoon van 'n strategie wat produsent A en produsent B die

*vervolg op bladsy 20*

## >> TOTALE KOSTE VAN DIE BOERDERY BESTAAN UIT:

- Die produksiekoste van die boerdery (kunsmis, saad en chemiese middels);
- Vaste koste van die boerdery (elektrisiteit, arbeidskoste en korttermynversekering);
- Lewenskoste (polisse, medies en privaattrekkings);
- Kapitale delgings (paaiemente op huurkope, termynlenings ensovoorts); en
- Voorsiening vir vervanging van toerusting en die "neseier".



## Graanprysbestuur 365 dae 'n jaar

*vervolg van bladsy 19*

afgelope 2010/2011-produksieseisoen uitgeoefen het. In beide gevalle het die produsente 900 ton graan verskans en dit is ook oor dieselfde tydperk gedoen. In beide gevalle word 'n netto prys gebruik; dit wil sê alle koste is reeds afgetrek.

**Produsent A** het besluit sy strategie is om sy graan telkens teen 'n vaste prys te verskans en sluit dan die seisoen af met 'n gemiddelde prys in sy sak van R1 241/ton. **Produsent B** het egter sy eerste 400 ton graan met 'n minimum prysopsie verskans en daarna die volgende 500 ton ook teen 'n vaste prys vasgemaak. Sy gemiddelde prys vir die seisoen was R1 366/ton.


Die verskil tussen die twee strategieë is 'n bedrag van R125/ton of 'n addisionele wins van R112,500 op die 900 ton, nadat die betaling van die put-opsiekoste in berekening gebring is. Natuurlik kan daar vir elke ton 'n put-opsie gekoop word, maar probeer om 'n balans tussen opsiekoste, risiko en die voordeel te kry.

In **Grafiek 2** word die gemiddelde seisoensverloop van mielies vanaf 1997 tot 2011 getoon. Die grafiek toon duidelik dat graanpryse voor plant hoog is, dit na aanloop van die eerste verwagte oesskatting daal, weer styg as gevolg van onsekerhede in die mark, midsomer-droogtes ensovoorts en dan weer daal voor strooptyd met die laagtepunt gedurende strooptyd wanneer meer sekerheid oor oesgroottes beskikbaar is.

Die 2010/2011-lyn op grafiek 2 toon die seisoenverloop van mielies, wat glad nie die langtermyngemiddelde tendens gevolg het nie. As daar weer na produsent A en produsent B se strategie gekyk word, was produsent B se strategie 'n beter opsie gewees vir die afgelope seisoen. Die teenoorgestelde kon egter ook waar gewees het, sou die Safex-prys gedaal het.

'n Strategie moet aanpasbaar wees en die strategie wat vanjaar gewerk het, sal nie noodwendig in die volgende seisoen werk nie. Dit is dus belangrik om 'n strategie so saam te stel wat die beste voordeel vir die boerdery onder enige

**GRAFIEK 1: VERGELYKING VAN 'N STRATEGIE VAN SLEGS 'N VASTE PRYS TEENOOR 'N STRATEGIE VAN 'N KOMBINASIE VAN 'N VASTEPRYS- EN MINIMUM PRYSKOMBINASIE VIR DIE 2010/2011-SEISOEN.**




| | 01-Okt-10 | 27-Okt-10 | 02-Nov-10 | 04-Nov-10 | 08-Nov-10 | 06-Des-10 | 19-Jan-11 | 21-Feb-11 | 22-Feb-11 | Gemiddeld |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Safex | 1 340 | 1 400 | 1 439 | 1 443 | 1 431 | 1 430 | 1 450 | 1 646 | 1 654 | 1 470 |
| Produsent A: Vaste prys | 1 106 | 1 162 | 1 212 | 1 220 | 1 198 | 1 206 | 1 202 | 1 426 | 1 436 | 1 241 |
| Produsent B: Strategie | 1 463 | 1 453 | 1 452 | 1 462 | 1 198 | 1 206 | 1 202 | 1 426 | 1 436 | 1 366 |

**Produsent A en produsent B het 900 ton tussen 1 Oktober 2010 en 22 Februarie 2011 geprys. Lewering van graan het op 15 Augustus 2011 plaasgevind, toe die Safex-prys R1 845/ton was.**

***Produsent A*** *volg 'n vasteprysstrategie en het 900 ton oor die genoemde tydperk geprys.* ***Produsent B*** *volg 'n kombinasie van 'n vaste- en minimum prysstrategie. Die eerste 400 ton is teen 'n minimum prysstrategie geprys en die ander 500 ton teen 'n vasteprysstrategie.*

**GRAFIEK 2: DIE SEISOENSVERLOOP VAN WITMIELIES OP SAFEX.**



omstandighede kan gee. Neem ook die kontantvloei van die boerdery in ag, alvorens daar op ’n spesifieke bemarkingstrategie besluit word.

## GEVOLGTREKKING

Dit is belangrik om die boerdery se winsgewendheid in geheel te bepaal. Elke boerdery is uniek en aspekte soos die tipe boerdery-eenheid en produksiepraktyke moet in ag geneem word. Elke vertakking op die plaas, hetsy dit mielies of vleisbeeste is, moet afsonderlik ontleed word om die winsgewendheid te bepaal.

### >> VERSKANSINGSTRATEGIE

Die volgende elemente moet teenwoordig wees om ’n goeie verskansingstrategie te kan implementeer:

1. Berekening van insetkoste, vaste koste en ander aftrekkings om ’n plaashek Safex-prys te kan bepaal.
2. Begroot vir opsiekoste in kontantvloei-begroting.
3. Verskansing hoef nie te duur te wees nie, dit is nie nodig om elke ton wat geproduseer word met ’n opsie te verskans nie. Die verskansing moet ’n kombinasie van minimum- en vaste pryse wees om sodoende ’n goeie kombinasie tussen koste, risiko en voordeel van die verskansing te verkry.
4. Begin jou strategie aanvanklik met opsies en daarna die balans met vaste pryse. Opsies gee jou die geleentheid om finale beprysing te verleng tot meer sekerheid oor die potensiaal van die oes bestaan.
5. Regte ingesteldheid teenoor die verskansingstrategie – eerder risikoverskansing.

’n Volhoubare boerdery-eenheid maak gebruik van akkurate markinligting om ’n bemarkingstrategie saam te stel. ’n Goeie prysbestuurstelsel vind 365 dae van die jaar plaas met sekere kritieke groeiperiodes waartydens groter besluite geneem moet word. Wees ingelig en maak gebruik van kundiges om jou behulpsaam te wees met die bemarkingsbestuur van jou boerdery.

## VERWYSINGS


- Senwes produksie-insetbegrotings 2010/2011.
- Senwes Grainlink: Kobus Retief (Safex Makelaar), Ben Brink (Senior Graanverkryger) en Thys Grobbelaar (Graananalis).


### >> MINIMUM-MAKSIMUM PRYSKONTRAK

’n Kontrak met ’n minimum en maksimum prys wat teen ’n spesifieke datum geprys moet word.

**Voordele**

- Verskansingskoste is minder.
- Jy is verseker van ’n minimum prys.

**Nadele**

- Markstyging is beperk.
- Daar is nie sekerheid oor wat die totale verskansingskoste gaan wees nie.
- Sou daar uitgekoop word, kan dit duur wees.

### >> VASTEPRYSKONTRAK

Dit is ’n kontrak met ’n spesifieke vaste prys, vir ’n spesifieke hoeveelheid tonne wat teen ’n spesifieke tyd gelewer moet word.

**Voordele**

- Jy is verseker van jou prys.
- Geen verskansingskoste nie.

**Nadele**

- Jy moet die tonne lewer, anders moet dit uitgekoop word.
- Leweringsrisiko.
- Kwaliteitsrisiko.
- Geen deelneming in markstyging nie.


>>

**Ramondé Odendaal is ’n Senior Landbou-ekonoom by Senwes Landboudienste. Vir navrae, stuur ’n e-pos aan *ramonde.odendaal@senwes.co.za* of skakel haar by (018) 464-7391.**

# Kruip tot slag... als in 'n japtrap

KRUIPVOEDING WORD GEBRUIK OM WEIDING EN MELK AAN TE VUL VIR ONGESPEENDE KALWERS MET VOER WAT NIE TOT VOLWASSE DIERE SE BESKIKKING IS NIE, GEWOONLIK DEUR MIDDEL VAN KRUIPHOKKE.

> TEKS: JOHNNY ESTERHUIZEN

**>> 'N PAAR NUTTIGE WENKE**

- Gee daagliks vars voer.
- Grof gemaalde mielies word bo fyn mielies verkies.
- Plaas die kruiphokke in die koelte naby die plek waar beeste gewoonlik saamdrom.
- Verskaf voldoende vreetspasie, sowat 10 cm tot 12 cm per kalf in die selfvoerder.

**Navorsing het getoon dat** wanneer 'n kalf drie tot vier maande oud is, melk net in 50% van sy voedingsbehoeftes kan voorsien. Die kalf moet dus die ander 50% elders vandaan kry en weidings of gras is nie altyd voldoende nie, meestal omdat die kalf se rumenkapasiteit te klein is vir die volume weiding wat gevreet moet word om die tekort aan te vul.

Gedurende Paastyd styg beesvleispryse gemiddeld met R2/kg. Indien daar teruggetel word op die kalender, beteken dit dat herfs- en winterkalwers teen 15 Desember in die voerkraal moet inkom op 220 kg tot 250 kg. In die winter en lente is weiding dikwels 'n probleem en kan dit oorbrug word met kruipvoeding. Die speenkalfprodusent kan dus moontlik 'n premie verwag as hy sy diere betyds sou gereed hê.



Nutri Feeds kan die produsent van wetenskaplike raad bedien in die formulering en implementering van 'n kalfkruipstelsel. Een van Nutri Feeds se klante het in hierdie seisoen 200 speenkalwers tussen ses en sewe maande gespeen op 246 kg. Nutri Beef Maxi 33 is suksesvol vir hierdie praktyk gebruik.

Maxi 33 bevat 33% proteïene, waarvan 'n groot persentasie natuurlike proteïene is wat aanbeveel word vir die jong, groeiende kalf. Die produk is smaaklik sodat jong kalwers dit maklik gewoond kan raak. Die mineraal- en vitamienpak voorsien in die dier se behoeftes waar melk en weiding gewoonlik te kort skiet. 'n Tipiese kruiprantsoen word in **Tabel 1** gegee.

**TABEL 1: KRUIPRANTSOEN.**

| GRONDSTOF | KILOGRAM |
|---|---|
| Nutri Beef Maxi 33 | 200 |
| Mieliemeel, grof gemaal | 450 |
| Lusern, goeie kwaliteit | 250 |
| Melassemeel | 80 |

**Johnny Esterhuizen is die Bestuurder: Produkontwikkeling by Nutri Feeds. Vir enige navrae in verband met kruipvoeding, kontak jou Nutri Feeds Tegniese Adviseur of ons kantore by (056) 344-2200.**






NUTRI Feeds

DIE FORMULE VIR SUKSES

# KWALITEIT PRODUKTE IS - NUTRI PRODUKTE

Die Nutri Feeds laboratorium in Viljoenskroon is tans die houer van die Agri-LASA (Agri Laboratory Association of South Africa)-wisseltrofee vir akkuraatheid waarin dit 30 ander laboratoriums in 'n rondomtalie toets uitgeskakel het.

So, hoekom is dit belangrik? Nutri Feeds analiseer alle grondstowwe wat ons fabrieke inkom, asook alle klaarprodukte wat die perseel verlaat. Net soos ons adviseurs die begrip "om te meet is om te weet" aan ons klante verkondig, wil ons met sekerheid ook weet wat is in ons grondstowwe sodat ons 'n akkurate formulering kan doen en die korrekte produk aan ons klante beskikbaar stel wat op standard en binne spesifikasie is en sy winsgewendheid daardeur verhoog.

www.nutrifeeds.co.za
056 - 344 2200



# Are you ready to RELAX?

MOST NATURE LOVERS WILL AGREE THAT WHEN THE SUN IS SHINING AND THERE'S A COOL SUMMER BREEZE IN THE AIR, ONE JUST WANTS TO SPEND EVERY MINUTE OF YOUR SPARE TIME OUTDOORS – BE IT NEXT TO THE POOL, THE RIVER, IN THE VELD OR AT THE BEACH. TO ENSURE YOU HAVE ALL YOUR OUTDOOR GEAR READY FOR THIS SUMMER HOLIDAY, VISIT YOUR NEAREST SENWES VILLAGE.



**STEVENSON HAMILTON HAT**
**R145,00**

**BASECAMP FOLDABLE BASKET WITH SIDE POCKETS (47 cm x 28 cm x 26 cm)**
**R120,99**



**TC BOOT**
**Size: 6 – 12**
**R409,00**



**TARZAN FERRO SAFETY SHOES**
**Size: 6 – 12**
**R215,00**



**FREE!**
**One pare of socks**

**BUFFALO PRINTED VELLIES**
**Size: 6 –12**
**R165,00**



**HAMPER GIFT PACK**
**BUCKET SNIPPET 10 LITRE**
**R99,95**





**HATSAN 125**
**THUMBHOLE IN BLACK**
**R1 195,00**

**HURRY!** Special prices on certain items in store. Prices only valid until 24 December 2011.

**BILTONG TJOM**
**FOLDING KNIFE**
**R115,00**



**FREE!**
**1 litre Citronella oil worth R75**

**TWO STAINLESS STEEL TORCHES**
**R139,95**



**EVAKOOL ICEKOOL 47 LITRE ICE BOX**
**Five year warranty**
**Keeps ice frozen for up to 7 days.**
**R795,00**





1 Nico Ströh;
2 Braam Botha;
3 Jock Sinclair;
4 André Roets en
van Macsteel.

1 Polla Westcott;
2 Ruan du Plessis;
3 Johan du Plessis van Engen; en
4 Quintus Anderson.

5 Claud du
Plessis;
6 Pieter du Toit;
7 Johann Day; en
8 Jan Viljoen van
Bosch.

1 Jaco Delport en
2 Jacques de
Jager van
Pfizer.

# Village vier tiende verskaffersgholfdag op hoë noot

SENWES VILLAGE HET VANJAAR DIE R154 000-MERK WAT BY VERLEDE JAAR SE VERSKAFFERSGHOLFDAG INGESAMEL IS, VERBYGESTEEK. 'N TOTAAL VAN R210 000 IS BY VANJAAR SE GHOLFDAG INGESAMEL.

**Daar is nie vanjaar soos** ouder-gewoonte 'n veiling gehou om fondse in te samel nie. Village se verskaffers, Senwes se divisies en individue het ná 'n potjie gholf by Vaal de Gráce gholflandgoed hul harte oopgemaak en geld vir 'n goeie doel geskenk. Elkeen van die 144 spelers het ook tydens die aandfunksie 'n prys ontvang.

Die geld sal soos tydens vanjaar se veldtog weer aan verskeie nie-winsgewende, geregistreerde welsynorganisasies geskenk word. Die projek, wat van verlede jaar af as die *From Greens 2 Dreams*-projek bekend staan, was maar net die begin van 'n nuwe droom van Senwes Village om op 'n deurlopende basis uit te reik na die nood in landelike gemeenskappe waar Senwes sake doen.

Elkeen van die organisasies wat vanjaar by die projek baatgevind het, het hul grootste dankbaarheid uitgespreek en die geld is vir alledaagse lewensbenodighede, wat baie van ons as vanselfsprekend aanvaar, aangewend.

"Daar is geen twyfel dat ons in 'n wêreld leef waar mense nog baie meer waarde heg aan dit wat regtig saak maak as wat ons dalk self wil erken nie – en dít is wonderlik. Ons leef almal 'n lewe van hoop en die betrokkenheid van ons besigheidsvennote wat ook as borge hul harte oopgemaak het, lewer 'n bewys van die werklike gesindheid van mense," het Frans du Plessis (Hoofbestuurder: Village) gesê.

Du Plessis het sy dank uitgespreek aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het om ook vanjaar se gholfdag 'n reuse sukses te kon maak. "Elkeen wat betrokke was by hierdie dag het beslis 'n bewese verskil in die nood van ons landelike gemeenskappe gemaak."

Hou Senwes se publikasies en dié webtuiste dop vir meer inligting oor hoe die R210 000-skenking in 2012 aangewend gaan word.

# Village... jou LANGTERMYN vennoot



**Senwes Village se meganisasie-afdeling is die verskaffers van kwaliteit landboutoerusting soos trekkers, stropers, balers, planters en ander landbouwerktuie.** Ons is die boer se betroubare meganisasievennoot wat kan help om boerdery-insetkoste te verlaag en winste te verhoog.

Deur middel van ons gespesialiseerde werkswinkels bied Senwes Village ook volhoubare langtermyn ondersteuning en ongeëwenaarde naverkopediens. Senwes Village is jou intelligente keuse as dit kom by 'n meganisasie-oplossing, want ons bied jou gehalte onderdele asook kwaliteit gebruikte heelwerktuie.

BREEK NUWE GROND

Senwes village

*Die hoë standaarde waarteen ons dienslewering meet, verseker uitmuntendheid in die verskaffing van kwaliteit produkte en diens, om sodoende langtermyn verhoudings van wedersydse vertroue te bou.*

**TOLVRY: 080 941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi**

# Wie is waar?

AS JY 'N NUWE GESIG IN DIE BESTUURDER SE KANTOOR VAN JOU SENWES VILLAGE SIEN OF DALK 'N NUWE INSETBEMARKER IN DIE VELD ONTMOET, MOENIE DINK DIT IS 'N ONBEKENDE IN SENWES SE KRINGE NIE – SENWES VILLAGE HET 'N PAAR SKUIWE GEMAAK. VERGEWIS JOU GERUS VAN WIE NOU WAAR WERKSAAM IS.

## VILLAGE BESTUURDERS

- **Bestuurder: Senwes Meganisasie**
  Willie Dietrechsen, voorheen Bemarkingsbestuurder van Senwes Meganisasie, en 'n bekende in Senwes Meganisasie-kringe, is bevorder tot Bestuurder: Senwes Meganisasie. Hy is aangestel in die pos van Sarel Greyling, wat in Julie vanjaar oorlede is.

- **Bestuurder: Oberholzer Village**
  Hano Oberholzer, wat altyd aan stuur van sake by Hoopstad Village was, is nou die Bestuurder van Oberholzer Village. Gert Olivier, voorheen Bestuurder van Oberholzer Village, is nou aangestel as Aflosbestuurder by Village.

- **Bestuurder: Hoopstad Village**
  Dirk Theron, wat voorheen Bestuurder by Wesselsbron Village was, is nou die Bestuurder van Hoopstad Village.

- **Bestuurder: Jan Kempdorp Village**
  JD du Plessis, wat Winkelhoof by Klerksdorp Village was, is nou aan die stuur van sake by Jan Kempdorp Village.

Die meeste mense mis 'n geleentheid omdat dit 'n oorpak aan het en na werk lyk.

**THOMAS A. EDISON**

- **Bestuurder: Wesselsbron Village**
  Hennie Groenewald, wat vir baie jare by Potchefstroom Village Bestuurder was, is nou werksaam by Wesselsbron Village, ook as Bestuurder.

- **Bestuurder: Potchefstroom**
  Hennie Muller is aangestel as die nuwe Bestuurder: Potchefstroom Village.

## INSETBEMARKERS

**Vaalharts-gebied Bestuurder**



Robert Goosen, wat altyd Insetbemarker in die Vaalharts-omgewing was, is aangestel as die Bestuurder van die Vaalharts-gebied. Robert is verantwoordelik vir die bestuur van die totale Village besigheid in dié gebied. Jan Kempdorp se Village Bestuurder rapporteer ook aan Robert.

*Skakel Robert by 084 738 9381 indien jy enige Village navrae het in dié gebied.*

**Insetbemarker Bothaville**



Phillip Havenga, voorheen werksaam by Univision, is nou aangestel as Insetbemarker in die Bothaville-omgewing.

*Skakel Phillip by 083 387 1605 indien jy meer inligting oor insette verlang.*

**Insetbemarker Koppies/Heilbron**



Steve Kinghorn, voorheen Insetbemarker in die Lichtenburg-omgewing, is nou die Insetbemarker in die Koppies/Heilbron-gebied.

*Skakel Steve by 083 381 7824 indien jy meer inligting oor insette verlang.*

## ANDER

**Operasionele Merchandiser:** Elizma Vergottini, voorheen Hoof: Winkelverkope, Kroonstad Village en tans deel van die voorraadbeplanningspan, is aangestel as Operasionele Merchandiser.

# Energizer®: Makers of the World's Longest Lasting AA & AAA Battery

ENERGIZER, A GLOBAL LEADER IN THE DYNAMIC BUSINESS OF PROVIDING PORTABLE POWER GEARED TOWARD THE NEW DIGITAL AGE, OFFERS A FULL PORTFOLIO OF PRODUCTS WHICH INCLUDE A WIDE RANGE OF BATTERIES AND TORCHES.

**BATTERY TYPES**
- Ultimatum lithium
- Advanced e2
- Max
- Retail electronics

**FLASHLIGHTS FOR**
- Household
- Leisure and outdoor
- Work and heavy duty
- Emergency / Safety
- Novelty
- Personal

**RECHARGEABLE BATTERY TYPES**
- 175 milli-ampere-hour (9 Volt)
- 900 milli-ampere-hour (AAA – 2 pack)
- 900 milli-ampere-hour (AAA – 4 pack)
- 2 000 milli-ampere-hour (AA – 4 pack)
- 2 450 milli-ampere-hour (AA – 2 pack)
- 2 450 milli-ampere-hour (AA – 4 pack)

**CHARGER TYPES**
- Mini charger
- Value charger
- One hour charger
- Compact charger







"Dit is nie altyd nodig om groot masjiene te hê om sukses te behaal nie."



# GM-mielies help opkomende produsent

DIE ONTWIKKELING VAN NUWE LANDBOUPRODUKTE EN -TEGNOLOGIE EN WAARDEVOLLE DEURBRAKE IN NAVORSING IS TOT ONTSKATBARE VOORDEEL VAN PRODUSENTE. IN AFRIKA IS DIT EGTER OOK NET SO BELANGRIK OM WAARDE TOE TE VOEG TOT DIE ONTWIKKELENDE LANDBOUSEKTOR ASOOK TOT NUWE KOMMERSIËLE LANDBOU-TOETREDERS.

> TEKS: JOHAN BIBBEY

**Monsanto® fokus op** tegnologie-gebaseerde landbou-oplossings en die lewering van produkte wat sal bydra tot wêreldvoedselsekuriteit, maar wat terselfdertyd die omgewing beskerm en natuurlike hulpbronne bewaar. Monsanto pas voortdurend aan by nuwe uitdagings in die landbou en poog om gepaste oplossings en innoverende produkte op die mark te plaas. Om nuwe toetreders tot kommersiële landbou by te staan om hulle unieke uitdagings aan te spreek, sluit ook aan by Monsanto se strategie van volhoubare landbou.

Dié strategie staan op drie bene, naamlik: om alle opbrengste van die maatskappy se fokusgewasse, gebaseer op opbrengste van 2000, teen die jaar 2020 te verdubbel; om insette te halveer; en om die lewens van produsente te verbeter. Daarom lê die ontwikkeling en opleiding van opkomende produsente in Suid-Afrika, Monsanto SA ook na aan die hart.

Om volhoubaarheid teweeg te bring, veral vir kleinboere en nuwe toetreders tot kommersiële landbou, moet dié produsente ook blootgestel word aan nuwe tegnologie en opgelei word om dit te benut. Produkte en tegnologie moet aan hulle beskikbaar gestel word wat op kommersiële vlak werk en wat die opkomende produsent tyd kan spaar en met oestyd meer geld in die sak kan besorg. Daarom word die produsente ook blootgestel aan biotegnologie en die gebruik van biochemiese middels in Monsanto se opleidingsprogramme en boeredae.

Behalwe vir uitstekende Dekalb basters, bied Monsanto die produsent ook die keuse van YieldGard®, Genuity™, YieldGard®II en Genuity Roundup® Ready tegnologie, wat as enkelgene, of gekombineerd, beter beskerming bied teen stronkboorders en onkruidbestuur vergemaklik.

*vervolg op bladsy 32*

# ’n Nuwe Vlak van Akkuraatheid en Konsekwentheid

**Amazone is ’n voorloper in presisiestrooiertegnologie, in beide die gemonteerde en die sleepweergawes. Die gebruiksvriendelike stelsels en lae onderhoud skei hul van die res. Hierdie strooiers is geskik vir gebruik op klein en groot plase vir gewasse wat wissel van vrugte en groente tot gras, koring en mielies.**



Die Amazone ZA-[illegible] kunsmisstrooier

- bakkapasiteit wissel van 500 tot 8200 ℓ
- strooiwydtes van 10 tot 52 m
- allermodernste dubbelskyf-strooistelsel
- optimalisering van kunsmisverbruik – verlaagde kunsmiskoste
- SBS – minimale skade aan kunsmis en saad



Die Amazone profiS Hydro – vir ongeëwenaarde presisie

**Amazone-strooiers is geredelik beskikbaar deur u naaste Senwes Village**

INGEVOER DEUR

AMAZONE

FALCON Est. 1985

info@falconequipment.co.za • www.falconequipment.co.za

# EENVOUDIG DIE BESTE

## HOOIMAKERS® EN WENTELSNYERS

Oor die afgelope 25 jaar het ons die toonaangewende vervaardiger van hoëgehalte-, waarde-vir-geld wentelsnyers in Suid-Afrika geword. Ons is ’n spesialis vervaardiger van die Falcon Hooimaker® en Wentelsnyer implement reekse.

Vra gerus oor ons NUWE VERLENGDE WAARBORG op alle Hooimakers® en Wentelsnyers

### Hooimakers® - Koste-effektiewe Hooimakery



*Die Falcon Hooimaker®*

Falcon se Hooimaker® is die gewildste en suksesvolste hooimaak-implement op die Suid-Afrikaanse mark. Feitlik niks kan skeefloop nie en instand-houdingsonkoste is minimaal.

### Wentelsnyers - Beproef, Bewese en Betroubaar



*Die Falcon-wentelsnyer*

Die Falcon-wentelsnyer is vinnig, doeltreffend en moeitevry, met baie verskillende modelle om in die wisselende grassny-, bosopruiming en swaar bossiekapbehoeftes te voorsien, ongeag die terrein.

Moenie gehalte opoffer vir ’n laer prys nie, want goedkoper kan beteken meer staantyd, frekwente vervanging van onderdele (indien beskikbaar), en frustrasie as die werk nie die eerste keer reg gedoen word nie. ***Maak seker jy koop ’n Falcon.***

## Dikwels Nagemaak, NOOIT GEËWENAAR NIE

Falcon-implemente is geredelik beskikbaar deur u naaste Senwes Village.

Est. 1985 FALCON werk vir jou!

info@falconequipment.co.za • www.falconequipment.co.za

# GM-mielies help opkomende produsent

*vervolg van bladsy 30*



**Johannes by die gedeelte waar die Roundup Ready sisteem nie gebruik is nie.**



**Johannes by die gedeelte waar die Roundup Ready sisteem wel gevolg is.**

Biotegnologie in mielies is reeds sedert die negentigs in gebruik in Suid-Afrika en gee kommersiële produsente 'n kompeterende voordeel.

Mielies word op groot skaal in Suider-Afrika geplant deur kommersiële en ontwikkelende produsente asook deur kleinboere. Ontwikkelende produsente plant mielies vir voedsel, meel, groenmielies en stampmielies asook vir veevoer. Dié aanplantings bestaan meestal uit 'n aantal klein landjies, kleiner as 2 ha.

## 'N SUKSESSTORIE

Johannes Sibeko, 'n opkomende produsent in die Reitz-distrik, het gebuk gegaan onder geweldige insek- en onkruiddruk. Volgens hom is onkruidbeheer en stronkboorderskade die grootste probleme wat hy ondervind het met mielieverbouing. Onkruid het jaar na jaar sy mielieaanplantings onderdruk en uiters swak oeste veroorsaak. Die hoë infestasie van stronkboorders het die probleem vererger, omdat hulle nie die nodige toerusting en kennis gehad het om die probleem hok te slaan nie.

Johannes se aanplantings is langs die pad en Monsanto personeel het opgemerk dat daar 'n probleem is. Hulp is aangebied en die Roundup Ready verbouingsisteem is aan Sibeko verduidelik. Die volgende program is vir hom uitgewerk.

Die voorbereiding van die lande is deur Johannes self gedoen – hy het die land geploeg en geplant. Monsanto het aanbeveel dat die geel Dekalb baster, DKC73-74BR, 'n baster wat die stapelgeen bevat, geplant word. Deur gebruik te maak van Bt-tegnologie in die baster, is die stronkboorderprobleem aangespreek en omdat die plant ook die Roundup Ready tegnologie bevat, is onkruidbestuur vergemaklik.

'n Vooropkoms-onkruiddoder is direk ná planttyd gespuit. Monsanto het Sibeko uitgehelp met 'n spuit wat agter op 'n vierwielaangedrewe motorfiets gemonteer is. 'n Vol dosis Bullet (2 liter/ha) en Guardian (1 liter/ha) is tydens planttyd gespuit. Voor die agtblaarstadium van die mielie, is daar nog

> "Behalwe vir uitstekende Dekalb basters, bied Monsanto die produsent ook die keuse van YieldGard®, Genuity™, YieldGard®II en Genuity Roundup® Ready tegnologie wat as enkelgene of gekombineerd beter beskerming bied teen stronkboorders en onkruidbestuur vergemaklik."

twee Roundup PowerMax® bespuitings bo-oor die mielies gedoen. Die sewevoet-rye (210 cm) het dit baie maklik gemaak en die vierwielmotorfiets kon vrylik tussen die rye beweeg. Indien die toerusting nie beskikbaar is nie, is dit ook maklik om met rugsakspuite in die lande in te kom. Dit is nie altyd nodig om groot masjiene te hê om sukses te behaal nie.

"Met die baie reën kon ek nie met my trekker en skoffel in die lande kom nie, maar met Monsanto se program is dit nie nodig vir die trekker nie en die bossies kan met chemiese beheer doodgemaak word. Ek hoef ook nie bekommerd te wees oor die stronkboorderwurms wat my oes gaan opvreet nie," het Johannes gesê.

Johannes het sy lande gestroop met 'n Slattery stroper waarna hy sy graan deur 'n hamermeule gesit het om vir die vee te voer. Die vee word daarna in die lande ingejaag vir die winter.


Hy is hierdie jaar baie trots op sy mielies en is verstom oor die verskil wat 'n goeie kultivar en goeie onkruidbestuur kan maak aan jou opbrengs. Ten spyte van die baie reën die vorige seisoen en die lande wat bietjie verspoel en versuip het, lyk sy mielie-aanplantings met die GM-mielies die beste wat hy nog ooit gehad het.

Johannes gesels met trots oor sy DKC73-74BR aanplantings. "Baie wit produsente stop langs die pad en komplimenteer my oor my mooi mielies en vra wat ek gedoen het om hul so mooi te kry."

>> **Johan Bibbey is Bestuurder: Tegniese ontwikkeling, Monsanto SA. Vir meer inligting skakel hom by 082 224 1077.**








Henry en sy vrou, Loma.

# Grainlink brei uit na Zambië

**Deel van Senwes Grainlink se** 2020-strategie is om hul voetspoor in die Afrika-kontinent te verbreed. Senwes Grainlink Zambië Beperk is nou in sy kruipfase en Henry Burger, wat sedert 11 Julie by dié maatskappy as Bestuurder werksaam is, is verantwoordelik vir die grootmaak van die maatskappy in al sy fasette.

"In die begin is daar baie statutêre behoeftes wat aangespreek moet word, waarna ons die graanhandelsmark in Zambië kan betree. Ons wil onsself vestig in die sub-Sahara-streek om sodoende ook internasionale mededinging in die streek te kan bevorder. Ek is ook verantwoordelik vir alle operasionele, finansiële en bestuursfunksies van die Zambië-maatskappy," het Burger gesê.

Henry het dalk sy loopbaan in die sportbedryf begin, maar sedert hy die landbou betree het, gaan hy net van krag tot krag. Hy vertel dat hy die vermoë het om in ontwikkelde en ontwikkelende lande te werk en ook met individue van enige nasionaliteit. "Ek verstaan die globale politiese en finansiële landskap en die invloed wat dit op die Afrika-speelveld het," het hy verduidelik.

# Ontmoet jou nuwe Grainlink personeel

Nuwe silobestuurders, graanverkrygers en 'n nuwe streeksbestuurder het by die Grainlink-span aangesluit. Kom skud gerus blad, ons wil graag ons produsente wat ons nog nie ken nie, ontmoet.

**Silobestuurders**
- Schoonspruit: Johnny Labuschagne
- Wolwehoek: Peter Hitzeroth
- Wesselsbron 277: Gawie Rossouw
- Wesselsbron 234: Willem Marais
- Winburg: Pieter van Niekerk

**Graanverkrygers**
- Hartbeesfontein: Malan Smit
- Christiana: Marnus van der Merwe

**Streeksbestuurder**
- Fanie Kruger

**>> BAIE GELUK!**



Andrew Martalas (Assistent Hoofbestuurder: Grainlink Internasionaal) is onlangs verkies tot die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Graan- en Oliesade Verhandelingsvereniging (Sacota) vir 2012. Sacota verteenwoordig die Suid-Afrikaanse graan en oliesade verhandelingsgemeenskap sedert 1930.

# Grainlink personeel groet Senwes

Albert Cawood (Streeksbestuurder: Noord-Streek/Potchefstroom, Senwes Grainlink) het in Oktober vanjaar afgetree, terwyl Faan Schoeman (Bestuurder: Graanhantering, silo's) en Danie Blignaut (Bestuurder: Kroonstad silo) in Desember vanjaar aftree. Ons wens hulle baie sterkte toe met hul toekomspad!

# Tegnologie is prioriteit by laboratorium

> TEKS: MARIANA PURNELL

**Senwes Grainlink se** graankwaliteit en voedselveiligheid laboratorium by Senwes se hoofkantoor in Klerksdorp beskik oor die tegnologie en personeel om graankwaliteite doeltreffend te ontleed.

Die laboratorium personeel maak wetenskaplik gestaafde aanbevelings en bevestigings wat op die versamelde graanmonsters wat ontvang word vanaf Senwes silo's, gebaseer is. Dit word aangewend met die fokus daarop om die operasionele bene van Grainlink (Bedryf sowel as Bemarking) te ondersteun deur middel van waardetoevoeging en risiko-identifikasie.

Die laboratorium is goed toegerus met allerlei graanontledingsapparate en kan ook toetse uitvoer om die teenwoordigheid van genetiese modifikasie, landbouchemikalie residu's en mikotoksien vas te stel. Die laboratorium is onlangs uitgebrei om toepaslike kantoorruimte weg van die graanstoor, waar die graanmonsters geberg word, te skep. Die vertrekke is toegerus met spesiale ventilasie om van giftige berokingsgasse ontslae te raak en 'n gesonder werksomgewing te skep.

Ná monsterneming op silovlak is die toestand en betroubaarheid van die graderingsapparaat die belangrikste faktor wat die sukses van Grainlink kan beïnvloed. Die werkbaarheid en akkuraatheid van graderingsmasjiene by bedryfspunte asook die plasing en bestuur van graderingsmasjiene, ondersteun Grainlink in die effektiewe gradering van graanontvangstes en versendings met die minimum onderbrekings.

**Mariana Purnell is die Bestuurder: Spesialis Produkte by Senwes Grainlink. Indien jy enige kommentaar het of meer inligting wil ontvang, kontak haar by (018) 464-7271 of stuur ´n e-pos na *mariana.purnell@senwes.co.za*.**







**September 2011 se aangeplante mielies het oneweredig teen Oktober vanjaar gelyk. Die stand is ook nie orals na wense nie. Slegs tyd sal leer hoe dié aanplanting sal herstel.**

# Oormatige reën skep graadprobleme

DIT IS DUIDELIK DAT 'N BAIE GROOT GEDEELTE IN SENWES SE BEDIENINGSGEBIED AANSIENLIK MEER AS DIE NORMALE REËNVAL IN DIE 2010/2011-PRODUKSIESEISOEN ONTVANG HET. DIE VERWAGTING WAS DAT DIT HEEL WAARSKYNLIK TOT GRAADPROBLEME VAN WITMIELIES SOU BYDRA.


**> TEKS: THYS GROBBELAAR**

**Figuur 1 dui die verskil** tussen die langtermyn seisoenreënval en die reënval van die afgelope seisoen aan. **Figuur 2** dui die voorkoms van graad 2 en graad 3 witmielies in die Senwes-gebied aan. Die afgradering van die witmielies is hoofsaaklik oor patogene wat die mieliepitte aanval as gevolg van die oormatige vog. Indien Figuur 1 en Figuur 2 met mekaar vergelyk word, kan daar duidelik gesien word dat die graadprobleem aan die hoeveelheid reën wat die betrokke gebied ontvang het, toegeskryf kan word. Veral die Suid-Vrystaat het baie kwaliteitprobleme met witmielies ondervind as gevolg van die oormatige reën in die vorige produksieseisoen.


**SEISOENSVERWAGTING**

Daar is verskeie indikators waarna weerkundiges kan kyk om te voorspel of dit 'n El Niño- of La Niña-tipe seisoen gaan wees. Twee van die belangrikste indikators is die SOI-indeks (Suidelike Oselasie Indeks) en die seetemperature in die Stille Oseaan. Op hierdie stadium is die SOI-indeks sterk positief vir die afgelope maand, soos weergegee in **Grafiek 1** (sien bladsy 38). Die indeks moet verder dopgehou word.

Die tweede belangrike indikator is die afwyking van die see-oppervlaktemperatuur van die langtermyngemiddelde. **Figuur 3** (sien bladsy 38)




**Figuur 1. Die verskil tussen die langtermynseisoenreënval en die reënval van die afgelope seisoen.**




**Figuur 2. Die graadsituasie van witmielies vir 2011.**

dui die see-temperatuurafwyking vir September 2011 aan. Die gebied waarna gekyk word, is die Stille Oseaan-gebied tussen Australië en Suid-Amerika. Tans is 'n groot gebied kouer as normaal. Op hierdie stadium dui die meeste indikators 'n La Niña-tipe seisoen aan. Kenmerkend van hierdie tipe seisoen is 'n droë voorjaar met 'n natter najaar. Ons het reeds tot op hierdie stadium 'n baie droë voorjaar beleef. Dit het bykans niks gedurende Augustus en September gereën nie.

## STAND VAN VROEGGEPLANTE MIELIES

Die verskil tussen die Julie- en Maart-kontrakprys van witmielies is amper R500 per ton. Dit het verskeie produsente in die versoeking gebring om mielies so vroeg as moontlik te plant om die prysverskil te kan benut. Ultrakort seisoenmielies moes al teen die helfte van Oktober op gewees het indien produsente enigsins die mielies gedurende Maart 2012 wou lewer. Verder het sekere produsente lande wat oornat is, na aanleiding van die voorafgaande seisoen se oormatige reën, geplant.

Met 'n La Niña-tipe seisoen wat voorspel word, wou van die produsente die mielies so vroeg as

*vervolg op bladsy 38*




# Met dié Abacus®-aanbiedinge van BASF kry jy soveel meer.

**Met Abacus® kry jy:**

- hoër opbrengste;
- verbeterde en bemarkbare kwaliteit;
- verhoogde produksiedoeltreffendheid;
- beter stresverdraagsaamheid.

1. By BASF glo ons so sterk aan **Abacus®** dat ons met vertroue die "You-won't-lose"-kontrak aan produsente bied.
2. As produsent staan jy ook 'n kans om deel te neem aan die BASF **Abacus®** Highboy-kompetisie* waar jy 'n splinternuwe Highboy-spuit kan wen.

   *Stuur 'n e-pos aan **AgCelence-za@basf.com** vir kompetisiereëls, terme en voorwaardes.
3. Op grond van die samewerking tussen BASF se *AgCelence*™ en Monsanto se **DEKALB®**, kan produsente 'n verdere voordeel trek deur afslag op **Abacus®**-aankope te kry.

Vir meer inligting oor **Abacus®** en die bogenoemde aanbiedinge, SMS* die woord "AANBOD", jou naam en area na 33090 en een van ons verteenwoordigers sal jou terugskakel.

*SMS-koste: R1.50

**Verwag meer en kry meer met**

abacus®

**- jou *AgCelence*™-produk van BASF.**

uppe marketing A06138/Sen-C

BASF
The Chemical Company

**BASF Suid-Afrika** (Edms) Bpk • Sestiendestraat 852 , Midrand • Tel: +27 11 203 2400
Faks: +27 11 203 2461 • Epos: AgCelence-za@basf.com. **Abacus®** Reg. No. L8048 Wet No. 36 van 1947.
Aktiewe bestanddele: Piraklostrobien 62,5 g/ℓ. Epoksikonasool 62,5 g/ℓ. Versigtig.
Vir volledige gebruiksaanwysings, verwys na die etiket.
**Abacus®** is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk.


# Oormatige reën skep graadprobleme

*vervolg van bladsy 37*

moontlik inkry om versuiping later die seisoen te voorkom. Soos nou bekend, het dit bykans glad nie gedurende Augustus en September vanjaar gereën nie. Daar is toe mielies op die koringmanier geplant deur die droë bogrond weg te skuif en dan in die nat ondergrond te plant. Die September-geplante mielies vertoon tans baie oneweredig. Die mielies het koud gekry en op sekere plekke het die vog weggeraak.




**Grafiek 1: 'n Sterk positiewe SOI-indeks is teen einde Oktober waargeneem.**



**Figuur 3: Variasie van die see-oppervlaktemperatuur vanaf gemiddeld, September 2011.**

Met die bo-normale reënval wat gedurende die afgelope seisoen geval het, is daar verwag dat daar 'n bo-gemiddelde koringseisoen sou realiseer. Wat wel gebeur het, is dat koring in die Suid-Vrystaat gedurende Julie vanjaar tot 120 mm reën ontvang het. Dit het die koring laat versuip of het die grond tot amper 'n sementblad gekompakteer, wat gemaak het dat natuurlike gaswisseling nie kon plaasvind nie en verder het daar ook nie sekondêre wortelontwikkeling plaasgevind nie. Die afwesigheid van lentereën het tot vogstremming gelei. Die uiteinde is dat die koringoes in die Suid-Vrystaat oor die algemeen teleurstellend is.

Daarenteen is die koring in die meer sentrale gedeelte van die Wes-Vrystaat baie belowend en word opbrengste van oor die 3 ton per hektaar verwag. Die gebied het nie die oormatige Julie-reën ontvang nie en kon normaal ontwikkel met die grondprofiel wat oor die algemeen vol opgegaarde water was.

## OPSOMMEND

Die seisoen begin weer met sy normale onsekerhede. Alle aanduidings is dat die seisoen weereens laat gaan wegspring met redelike gunstige groeitoestande in die najaar.

**Die artikel en figure is saamgestel in November 2011 deur Thys Grobbelaar (Senior Graananalis: Senwes Grainlink) en Ronél Koen (Senior GIS-tegnoloog: Senwes Landboudienste). Skakel hulle onderskeidelik by (018) 464-7385 en (018) 464-7382.**



**Koring in die Suid-Vrystaat lyk vanjaar oor die algemeen maar teleurstellend.**



**Koring in die sentrale Wes-Vrystaat lyk oor die algemeen belowend.**

# Jou SKAKEL tot SUKSES



**Senwes Grainlink is die graanbedryf se besliste keuse wanneer dit by die hantering, berging en bemarking van graangewasse kom.**

Grainlink het die skakel tussen verkryging, opberging en bemarking van graan vervolmaak, om sodoende sy klante se lewens aansienlik te vergemaklik. Al die dienste word onder een dak gebied. Die netwerk van hoë tegnologie graansilokomplekse en graanbemarkingskantore is gerieflik geleë, vir beide graanprodusent en graanafnemer. Ons bied klante 'n betroubare diens wat die hoekstene van suksesvolle en verantwoordelike besigheid is.

BREEK NUWE GROND
Senwes
grainlink

*Die hoë standaarde waarteen ons dienslewering meet, verseker uitmuntendheid in die verskaffing van kwaliteit produkte en diens, om sodoende langtermyn verhoudings van wedersydse vertroue te bou.*

TOLVRY: 080 941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi




# Etanolindustrie reeds rotsvas gevestig

DIE VSA SE VERBRUIK VAN MIELIES VIR ETANOL HET TEEN 'N GEWELDIGE TEMPO UITGEBREI OOR DIE LAASTE TWEE DEKADES. DIT IS ONDER ANDERE AS GEVOLG VAN STEUN UIT DIE OWERHEID VIR HERNUBARE ENERGIEBRONNE, SOWEL AS GOEIE MARGES WAT OP BEIDE ETANOL EN DGS GEMAAK KAN WORD.

**> TEKS: THEO VENTER**

**Tans word mielies verbruik** vir etanol geskat op 5 000 miljoen boesels, oftewel 39% van die totale verbruik vir die 2011/2012-seisoen.




**Figuur 1: Mielie-aanwendingsneigings**

DGS (*Distillers Grain and Solubles*) is 'n byproduk van die etanol vervaardigingsproses en word as veevoer gebruik. Dit word onderverdeel in DDG (*Dried Distillers Grain*), WDG (*Wet Distillers Grain*), MDG (*Modified Distillers Grain*) en oplosbare materiaal (*solubles*).


## DIE VERVAARDIGINGSPROSES

Vir die produksie van etanol word die styselgedeelte van die mielie verwerk tot etanol. Dit is ongeveer 70% van die mielie se gewig. Die gedeelte wat oorbly word dan DGS (*Distillers Grain and Solubles*) genoem. Vir elke ton mielies wat verwerk word, word ongeveer 110 gallon, oftewel 417 liter etanol vervaardig (2,8 gallon/boesel).


Vir elke ton mielies wat vir etanol verwerk word, word 0,33 ton DGS vervaardig. Omdat slegs die styselgedeelte vir etanol gebruik word, is die proteïen-, vesel- en vetpersentasie van DGS veel meer as in heel mielies.

Die inhoud van voedingstowwe is egter baie wisselvallig in DGS. Verder is die kombinasie van aminosure wat die proteïenkomponent vorm, nie die beste geskik vir enkelmaagdiere, soos varke nie en


*vervolg op bladsy 42*




**Figuur 2: DDGS verbruik (bees, suiwel, vark en pluimvee), mielies ekwivalent.**




**Figuur 3: Totale mielievoer en geskatte mielies vervang deur DGS-voeding.**




**Figuur 4: Etanolproduksie deur middel van die droë meule-proses.**

**TABEL 1: DIE VOEDINGSWAARDE VAN SOJAMEEL, HEELMIELIES EN DGS.**

| Voedingstof | Sojameel | Heelmielies | Gedroogde DGS | Nat DGS |
|---|---|---|---|---|
| **Droë materiaal** | 90% | 87% | 88% - 92% | 30% - 35% |
| **Vet** | 3% | 4% | 9% - 10% | 8% - 12% |
| **Vesel** | 10% - 11% | 2% - 3% | 8% - 9% | 13% |
| **Proteïen (insluitend Lysine)** | 51% | 8,5% - 9,5% | 29,5% - 30,5% | 30% - 32% |
| **Energie (kcal/pond)** | 1782 | 1551 | 1700 | 1750 |
| **Kalsium** | 0,30% | 0,03% | 0,1% - 0.3% | 0,1% - 0,3% |
| **Fosfor** | 0,70% | 0,30% | 0,8% - 1,0% | 0,8% - 1,0% |

Bron: Departement van Landbou-ekonomie, Universiteit van Missouri

*vervolg op bladsy 42*





## Etanol-industrie reeds gevestig

*vervolg van bladsy 41*

Die produksie van 13 miljard gallons etanol het in 2010 meer as 400 000 werksgeleenthede in alle sektors van die ekonomie in die VSA ondersteun.

Etanol word in voertuie gebruik sedert Henry Ford sy 1908 Model T ontwerp het om op suiwer etanol te ry.

is meer populêr vir herkouers (beeste).

Gegewe dat DGS dus 'n al groter rol in die veevoermark speel, is dit nie vreemd dat die verbruik van etanol dan die verbruik van veevoer oorskry nie. Die mielies wat nie direk na die veevoermark vloei nie, word gedeeltelik vervang deur DGS.

### ROL VAN DIE OWERHEID

Volgens die VSA *Energy Independence and Security Act* van 2007, moet 36 miljard gallon "hernubare" brandstof per jaar teen 2022 verbruik word, maar slegs 15 miljard gallon hiervan hoef van etanol afkomstig te wees. Vir 2011/2012 sal etanolproduksie reeds 14 miljard gallon wees (gegewe die verbruik van mielies teen 5 000 miljoen boesels vir etanol). Die mandaat vir etanol sal dus waarskynlik bereik word.

Tans word etanolproduksie in die VSA nog sterk befonds. Sedert die 1980s is daar reeds 'n $0,54/gallon invoertarief op etanol ingestel. Tans kry vermengers (*blenders*) 'n $0,45 subsidie vir elke gallon etanol wat met brandstof vermeng word. Kleiner etanolprodusente kry 'n $0,10/gallon belastingvoordeel vir die eerste 15 miljoen gallon geproduseer. Die situasie sal egter verander op 31 Desember vanjaar, wanneer die $0,45/gallon-subsidie verval. Daar word egter nie verwag dat die produksie van etanol sal skipbreuk lei nie.

Volgens die *Environmental Protection Agency* word 'n versnit van 10% etanol tot 90% petrol vir alle motors toegelaat. Die versnit van 10% etanol word E10 genoem. Motors ná 2007 vervaardig, kan met E15 opvul ('n 15% etanol-versnit). Tans produseer Ford, Chrysler en GM sogenaamde "flexi fuel"-voertuie wat tot en met E85 ('n 85% etanol-versnit) kan volmaak.

### WINSGEWENDHEID

Gedurende Oktober was die prys van etanol $2,60 per gallon. Met 2,8 gallon wat per boesel geproduseer word, is die inkomste dus $7,28/boesel. Inkomste uit DGS was ongeveer $1,67/boesel in Oktober. Dit gee 'n bruto inkomste van $8,95/boesel. Die koste verbonde aan die produksieproses is ongeveer $1,65/boesel. Met mieliepryse van gemiddeld $6,32 in Oktober, is die totale koste dus $7,97 en is 'n wins van $0,98/boesel steeds gerealiseer.

### VOORUITSIGTE

Die VSA se totale brandstofverbruik is ongeveer 160 - 180 miljard gallon en etanol verskaf nog nie eers 10% daarvan nie. Selfs teen huidige hoë mieliepryse is die kombinasie van etanol en DGS nog winsgewend. Die etanolindustrie is dus reeds rotsvas gevestig en verdere geleenthede wink op die horison.

**Theo Venter is 'n Graananalis by Senwes Grainlink. Vir meer inligting, skakel hom by (018) 464-7723 of stuur 'n e-pos na *theo.venter@senwes.co.za*.**

# Grainlink woon berokingsimposium by

**’n Paar kundiges in die** berokingsveld van Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië het in Oktober vanjaar ’n simposium wat gehandel het oor die beskerming van landboukommoditeite in Sjina bygewoon.

Deel van die toergroep was Pieter Malan (Assistent Hoofbestuurder: Graanbedryf), Faan Schoeman (Bestuurder: Graanhantering, silo’s) en Ronnie Ladeira (Hoof: Beroking, Senwes Grainlink). Hulle het onder meer aanbiedings gegee en besigtigingstoere meegemaak, wat ’n toer deur ’n fabriek wat aluminiumfosfietprodukte vervaardig, ingesluit het. National Fumigants en Yongfeng Chemicals het ook nuwe produkte wat tans ontwikkel word sowel as produkte wat deur die wetgewing onttrek word, met die groep bespreek.

“Na afloop van die simposium het ons net weer besef dat daar slegs een produk oor is om voedsel in die wêreld te beskerm. Om toedieningsmetodes en tegnieke te verbeter en nuwe produkte te vind, is van kritieke belang. Indien dit nie gedoen word nie, sal ons tussen 30% en 40% van voedsel in die wêreld aan insekte moet afstaan,” het Ladeira gesê.



**Ronnie Ladeira kyk waar aluminiumfosfietprodukte vir die beroking van opgebergde graan vervaardig, verpak en gestoor word voordat dit na Suid-Afrika uitgevoer word.**

## *Hoopstad mielieboer van die jaar gekroon*

Hoërskool Hoopstad, in samewerking met Monsanto, hou vir die laaste ses jaar ’n Mielieman van die Jaar-kompetisie om geld in te samel vir die skool. Die kompetisie behels dat elke produsent 1 ha droëlandmielies moet inskryf, wat gestroop word en aan die skool geskenk word.

Jacques van Zyl is as vanjaar se wenner aangewys. Hy het ’n plantestand van 28 000/ha gehad, 200 N toegedien en ’n oes van 13,28 ton/ha afgehaal. Kort op sy hakke was Willem van Zyl met ’n plantestand van 25 500/ha. Hy het 140 N toegedien en 13,21 ton/ha gestroop. Oswald Botes en sy seun het ’n derde plek gekry met ’n plantestand van 25 000/ha. Hy het ook 140 N toegedien en 12,8 ton/ha geoes. Al hierdie produsente het die Monsanto Kultivar 78-15 geplant.

Johan Terblanche (Insetbemarker: Senwes Village, Hoopstad) sê dat daar drie jaar gelede ’n 10 ton klub gestig is vir almal in die Hoopstad-omgewing wat 10 ton/ha kon oes. Vandag steek die manne die 13 ton-merk verby.



## Silo’s sluit stroopseisoen af met skaalbraai

**Van Senwes se silo’s hou aan die einde van elke jaar se stroopseisoen ’n spitbraai vir die produsente in die onderskeie silo’s se gebied om dankie te sê vir hul getroue ondersteuning. Marietjie Grobler (Bestuurder: Grainlink Administrasie), Piet Bezuidenhoudt (De Klerk Familietrust), Carel Aucamp (Assistent Silobestuurder: Theunissen), Jan Connoway (Silobestuurder: Theunissen) en Bennie de Klerk (De Klerk Familietrust) kuier hier by Theunissen silo se afsluiting.**



# Neem jou kantoor saam land toe

> "In die toekoms sal toepassings vir die iPad die meeste aspekte van die boerdery dek en 'n baie nuttige hulpmiddel word wat produsente tyd kan bespaar."

DIE PLAASKANTOOR IS BESIG OM TE VERANDER. DIE GROOT LESSENAAR EN LIASSEERKABINETTE IS AAN DIE VERDWYN, WANT DEESDAE KAN ADMINISTRATIEWE WERK SOMMER VANUIT DIE SITPLEK VAN JOU BAKKIE, TREKKER OF STROPER GEDOEN WORD.

**> TEKS: RUTH DAVIES EN LOUISE KUNZ**

**Eers was daar die** skootrekenaar, toe *slimfone* en nou die nuutste tegnologiese ontwikkeling, Apple se iPad, ook genoem tablet. Die iPad is 'n raakskerm, draagbare rekenaar met 'n 16 GB, 32 GB of 64 GB geheue en kan vir 'n magdom toepassings gebruik word. Dit is ongeveer 25 cm lank, 7cm breed, net meer as 1 cm dik en weeg sowat 680 gram.

Die nuutste beskikbare tegnologie – 'n landbou-toepassing (application) – vir dié tabletrekenaar (iPad) wat groot byval by die landbou kan vind, is onlangs deur *Landbouweekblad* bekend gestel.

Dié toepassing (of "toep" soos dit meer algemeen bekend staan) open deure tot 'n magdom betroubare en nuttige inligting oor die landbou en bied onder meer die volgende:

- 'n soekfunksie wat die gebruiker toelaat om te soek na 'n gunsteling artikel vir latere gebruik of naslaandoeleindes;
- 'n weersafdeling wat onder meer 'n voorspelling vir die volgende ses dae kan gee met inligting soos humiditeitsvlakke, lugdruk, brandgevaar, windspoed, verwagte neerslae en die minimum en maksimum temperature;
- die Safex-graanpryse waar aanduidings van prysbewegings ook getoon word;
- 'n aanbieding van alle aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE); en
- veilingpryse op enkele weeklikse lewende hawe veilings met saamgevatte nasionale pryse vir beeste, skape, varke en hoenders.

Enkele gelukkige produsente regoor Suid-Afrika toets tans elk 'n iPad vir *Landbouweekblad*. Hul waarnemings en gevolgtrekkings oor dié streelpaneel sal in opvolgende artikels in hul tydskrif en op hul webwerf gepubliseer word. *Landbou.com* het ook 'n gespreksgroepop die been gebring vir



**Stanley Nielson (links) en Martin van Zyl van Senwes IT meen die iPad of tablet gaan 'n nuwe wêreld vir die Suid-Afrikaanse produsent op sy plaas oopmaak.**

produsente wat 'n iPad het en dié groep bespreek die nuwe landbou-toep en gesels oor moontlike toekomstige toeps vir die landbou en boerdery.

Volgens die webwerf *agriculture.com* is 'n program in Australië ontwikkel waar produsente hul gewasse op die land vir bepaalde siektes kan ondersoek deur dit met foto's op die iPad te vergelyk. Gary Chambers, 'n Kanadese produsent, is baie beïndruk met die iPad en noem dat waar stof op die plaas probleme vir jou skootrekenaar kan beteken, die raakskerm-sleutelbord sulke probleme elimineer. Die grootte van die tablet maak dit ook maklik om dit sommer onder die sitplek van jou voertuig of in 'n laai in die kajuit te bêre. Volgens hom gaan die iPad nog een van die waardevolste stukkies toerusting vir die moderne produsent word. Nog 'n entoesiastiese iPad-gebruiker noem dat dit wonderlik is om sommer al jou plaaslêers te kan saamdra sodat jy enige tyd kan naslaan wat jou koste op 'n bepaalde land is en nie eers kantoor toe hoef te ry nie.

Vir 'n Vrystaatse produsent is die waardevolste toepassing op sy iPad die dokumentering en bestuur van sy tyd. Hierdie tydstate-toepassing stuur vir hom data en grafieke na sy e-posadres in byvoorbeeld 'n Excel-formaat en ook 'n kalendertoepassing, *Calengoo*, wat die kalender op sy foon outomaties met sy sentrale kalender sinkroniseer. Nog 'n deelnemer aan die gespreksgroep, sê hy loop basies met sy kantoor, boeke en foto-albums saam met hom in die veld rond. Hy glo dat die iPad 'n nuttige instrument is vir enige produsent wat passievol oor sy boerdery is.

Met die koms van die tabletrekenaar het Media24 (eienaar van *Landbouweekblad*) 'n geleentheid bespeur en 'n spesiale afdeling, Touchlab, op die been gebring om dié iPad-platform te benut. Leo Redelinghuys (Hoof van Media24 se Touchlab) noem dat boerdery 'n nismark is en dat vandag se produsente gretig is om nuwe tegnologie te beproef en te benut. Die besluit om 'n toep vir die landbou te ontwikkel is geneem,omdat hulle seker is dat produsente dié toepassing sou omarm. Media24 se siening is dat die toekoms in tabletverwante drukprodukte lê en dat selfs digitale publikasies op tabletrekenaars gelees gaan word.

Liza Albrecht, wat die Hoof van Afrikaanse koerante se digitale strategie is, noem dat die iPad 'n meer natuurlike vennoot vir gedrukte media as die tradisionele rekenaar is en dat gedrukte joernalistiek toenemend na die tablet gaan verskuif. Touchlab het tydens die 2011 Rugby Wêreldbeker-toernooi 'n rugby-toepassing bekend gestel, wat baie gewild was.

In die toekoms sal toepassings vir die iPad die meeste aspekte van die boerdery dek en 'n baie nuttige hulpmiddel word wat produsente tyd kan bespaar. 'n Satellietfoto van 'n land kan byvoorbeeld opgeroep word waarna die produsent areas op die land kan identifiseer, foto's en 'n beskrywing aan die GPS-punte aanheg en die digitale veldnotas vir konsultasie instuur.

Nog 'n toepassing wat van waarde is vir die landbousektor is 'n aanlyn-verbinding met 'n onkruid- of insekte-databasis waar foto's van elke item met sy eienskappe beskikbaar is en sal toelaat dat die produsent

*vervolg op bladsy 46*

## >> PAPIERBESPARING

Senwes se Uitvoerende Hoofbestuur het die volgende oor 'n tydperk van twee maande gespaar deur eerder hul 300 bladsye Uitvoerende Hoofbestuur vergaderingstukke op die iPad te lees as om dit uit te druk vir elkeen.

- ☞ 19 718 velle papier
- ☞ 172 kg hout
- ☞ 156 kg $CO_2$
- ☞ R29 958

## Neem jou kantoor saam land toe

*vervolg van bladsy 45*

sommer op die land 'n foto van die onkruid of insek sal kan instuur vir onmiddellike identifisering en terugvoer oor die probleem.

### SENWES GESELS SAAM

Dit is nie net produsente wat die iPad/tablet baie handig sal vind nie. Senwes se Uitvoerende Hoofbestuur wat gereeld op die pad en in die veld is, het elkeen 'n iPad. Martin van Zyl (Assistent Hoofbestuurder: Senwes IT) meen van die grootste voordele van die iPad/tablet is:

- Produktiwiteit neem toe;
- Dit het 'n batterylewe van ongeveer tien ure, teenoor 'n skootrekenaar s'n wat wissel tussen ongeveer twee tot vyf ure;
- Toepassings wat jou toelaat om jou totale boerdery te bestuur;
- Gebruikersvriendelik; en
- Die iPad kan verbind met ander toerusting, soos 'n kamera. Dit kan handig te pas kom by plaassekuriteit.

Volgens hom is een van die grootste probleme wat tans op die platteland met die iPad ondervind word, internetkonnektiwiteit. Senwes IT is in die proses om te kyk hoe hulle die bandwydte kan verbeter, watter toepassings (byvoorbeeld 'n begrotingstoepassing) vir 'n produsent se MySenwes rekening ontwikkel kan word wat waarde tot sý boerdery sal toevoeg en laastens hoe die toepassings onder produsente bemark kan word. Produsente sal die toepassings egter op enige toestel hetsy 'n iPhone, Blackberry, Android of tablet kan gebruik.

Die iPad of tablet gaan beslis 'n produsent se kennisbasis word wat aanbevole praktyke, wenke, handleidings en nuttige artikels met die aanraak van 'n skerm beskikbaar sal stel.

### >> BEKOSTIGBARE TABLETTE

Apple se iPad is maar net een van die verskeie handelsmerke wat in die tabletmark beskikbaar is. Samsung, LG, Acer, Blackberry is van die ander maatskappye wat ook tablette vervaardig. 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, Wise Tablets, gaan binnekort 'n lae-koste tablet, wat ontwikkel is vir die plaaslike mark, bekendstel.

### >> PAPIERLOSE STUURKAJUIT

Al ooit gewonder wat dra vlieëniers in daardie bonkige, swart tasse wat hulle saam met hulle in die stuurkajuit in neem? Dit bevat verwysingsmateriaal soos handleidings, kontrolelyste, navigasie-kaarte en weerinligting. Het jy geweet dat dié materiaal ongeveer 18 kg weeg? In plaas daarvan om al hierdie papierwerk saam met hulle te dra, begin al meer vlieëniers in Amerika nou van 'n 700 g iPad gebruik maak.

Die Federal Aviation Administration in Amerika het 'n paar kommersiële vlieëniers en huurvliegtuie magtiging gegee om die tabletrekenaar as 'n "elektroniese vlugsak" te gebruik. Private vlieëniers het ook iPads, wat honderde algemene lugvaarttoepassings bevat, wat help met beplanning voor en tydens die vlug.

Lees meer by *http://senwes.co/scenario1112-ipad*

### VERWYSINGS


- *landbou.com*
- *agriculture.com*
- *www.itweb.co.za*
- *www.nytimes.com*


### >> VIR MEER INLIGTING

Indien jy belangstel om 'n iPad aan te skaf of meer inligting verlang, besoek Apple se webtuiste by *www.apple.com* of skakel vir Stanley Nielson (Web Applikasie Bestuurder: Senwes IT) by (018) 464-7321 wat jou ook meer van dié nuwe tegnologie sal kan vertel.

**Ruth Davies is die Redakteur van *Senwes Scenario*. Skakel haar by (018) 468-2716 of stuur 'n e-pos na *ruth@infoworks.biz*. Louise Kunz is 'n medewerker van *Senwes Scenario*.**

# GROW
# WITH US

For every farmer there is a perfect John Deere.
Visit your nearest John Deere dealership for details.





JOHN DEERE

www.johndeere.co.za

# ´n Wenk of twee vir die somer




1. JanDirk Engelbrecht
2. Johan du Toit
3. Castuff Sekgala
4. Jacques Odendaal
5. Izak du Plessis
6. Gerrit Oosthuizen

DIE FEITLIKE AFWESIGHEID VAN LENTEREËN VANJAAR HET GRAAN-OPBRENGSTE NADELIG BEÏNVLOED. DIT HET NET WEER DIE BELANGRIKHEID VAN DOELTREFFENDE BEHEER VAN SOMERONKRUID BENADRUK, SODAT SOVEEL AS MOONTLIK GRONDVOG OPGEGAAR EN BEWAAR KAN WORD.

**Glifosaat (Roundup) kan help** om someronkruid te beheer. Pas die dosis aan na gelang van die tipe onkruid, sowel as groeistadia.

Mielies behoort nie later as 20 Desember geplant te word nie. Laat sonneblom kan nog tot die eerste week van Januarie geplant word, maar plantpopulasies moet opwaarts aangepas word as daar later geplant word.

Doeltreffende onkruidbeheer is ook by die somergewasse baie belangrik. Navorsing het bewys dat aansienlike opbrengsverliese kan voorkom as die jong plante aan onkruidkompetisie blootgestel word.

Topbemesting en skoffelbewerkings word nog gedurende Desember gedoen en indien Roundup Ready gewasse nie gebruik word nie, is dit die laaste kans om by die nouer rywydtes onkruide meganies te beheer. Selfs al is die reënval voldoende deur die seisoen, kompeteer onkruide met die gewasse, nie net wat betref grondwater nie, maar ook voedingstowwe.



Maak gebruik van ’n goeie landbouchemiese verteenwoordiger, sodat die beste moontlike produkte teen die regte dosis gebruik kan word.

Inspeksies vir moontlike insekskade (byvoorbeeld stronkboorder by mielies en bolwurm by sonneblom) moet gereeld gedoen word. Onthou: “Jou voetspore laat jou mielies en sonneblom groei”.

## VAALHARTS-BESPROEIINGSKEMA

- Die optimum plantdatum vir pampoene is ongeveer teen 15 Desember. Aangesien daar redelik reën voorspel word vir Februarie en Maart, is dit belangrik om ’n (voorkomende) spuitprogram te volg, aangesien witroes tot die vroeë afsterf van plante lei. Die pampoene word dan nie heeltemal volwasse nie en dit beïnvloed die stoorvermoë negatief (vir bemarking gedurende die wintermaande).
- Die toediening van topbemesting by mielies kan gedurende “natter” jare bemoeilik word. Voorsorg moet getref word dat daar nie in nat jare (onder besproeiing) met te min stikstof (laer as 80 kg N per hektaar) weggespring word nie. As die plante geel vertoon, is daar reeds oesverliese. Die moontlikheid vir streepsiekte- en stronkboorderskade word ook verhoog.
- By katoen moet die lande gedurende Desember intensief gemonitor word vir insekte (byvoorbeeld wurms), aangesien die vroegste bolle die meeste gewig het en baie belangrik vir suksesvolle katoenproduksie is. Dit is ook belangrik om in hierdie tyd die regte besluit te neem rakende “gerigte” bespuiting van onkruid indien Roundup Ready katoen geplant is, asook die aanwending van “pix” om oormatige groei van die plant te beheer.



## DIEREPRODUKSIE

- Alhoewel meeste diere nou somerlek behoort te ontvang, is dit raadsaam om jong verse en eerste kalfkoeie steeds op 'n produksielek te hou. Koeie in 'n swak kondisie kan ook 'n produksielek ontvang om hulle kondisie te verbeter en hulle so te kry dat hulle dragtig kan raak.
- Indien insekdraende siektes soos Slenkdalkoors en knopvelsiekte nog nie geënt is nie, moet dit onverwyld gedoen word. Immuniteit neem ongeveer 8 tot 12 weke om te ontwikkel en dit is eintlik reeds te laat om vir hierdie siektes te ent.
- Teken kalfgeboortes aan om onproduktiewe koeie te kan identifiseer en uit te skot.
- Wurms en bosluise vier hooggety in hierdie warm, nat maande. Bestuur hierdie parasiete deur die rotasie van die diere tussen kampe en die korrekte gebruik van dip- en doseermiddels.
- Dit is tyd om jou ruvoerbank op te bou deur middel van aangeplante weiding. Voersorghum kan tot Januarie teen 'n saaitempo van 15 kg/ha geplant word en Smutsvinger tot Februarie teen 'n saaitempo van 5 kg/ha.
- Onthou om teen galsiekte en bloutong te ent.

## GRONDKUNDE

- Sommige dele het reeds koring gestroop en dié gronde gaan nou oorlê na 'n somer- of wintergewas.
- Daar is nou genoeg tyd met die voorbereiding van die lande, veral ten opsigte van grondmonsternemings vir bemestingbeplanning en grondkartering vir opbrengspotensiaalbepaling, indien dit nie gedoen is nie.
- Bestel kalk en 'n kalkstrooikontrakteur vroegtydig vir die komende windstil dae. Bewerk lande so gou as moontlik om sodoende reënwater op te vang en te stoor en wees versigtig vir winderosie tydens bewerking en sorg dat daar genoeg stoppelmateriaal is.
- Indien 'n vangoes sonneblom geplant wil word, maak seker van die grondvogtoestande sodat daar genoeg vog oor is ná die koringoes.

## LANDBOU-EKONOMIE

- Die term "finansiële geletterdheid" word net soos die vermoë om effektief te kan kommunikeer, al hoe meer as 'n noodsaaklike lewensvaardigheid beskou.
- Finansiële insig, kennis en inligting omtrent die boerdery-onderneming is nodig om die verlede te ontleed, die hede te benut en te eksploiteer en om die toekoms te bepaal en te bestuur. Die mate waartoe effektiewe finansiële bestuur toegepas word, weerspieël grootliks die sukses van die onderneming en kan as't ware beskou word as die finale resultaat van alle ander bestuursfunksies.
- Finansiële bestuur vereis die effektiewe toepas van gesonde besigheidspraktyke wat onder andere die volgende insluit:

### Beplanning

- Kennis van kapitaalbehoeftes (omvang, tydstip, bronne en korrekte strukturering van befondsing) van die boerdery, dit wil sê effektiewe kontantvloeibestuur.
- Kennis rakende riglyne en voorwaardes van kredietverkryging.
- Kennis van die verskillende risiko's waaraan die boerdery blootgestel is en die potensiële finansiële impak daarvan.

### Besluitneming

- Toepas van die beginsel van voordelige finansiering en die korrekte keuse tussen alternatiewe – noodsaak die doen van lewensvatbaarheid- en uitvoerbaarheidstudies.

### Monitering

- Prestasie moet bepaal en gemeet kan word – opbrengs op totale en eie investering asook groei in netto waarde.
- Finansiële doelwitte behoort gestel te word waaraan prestasie gemeet kan word.
- Daar is 'n spreekwoord wat lui: "If you can't measure something, you can't improve it and if it can't be measured, it can't be managed".

### Kontrole en beheer

- 'n Noodsaaklike element van finansiële bestuur is die aanwesigheid van 'n eenvoudige dog doeltreffende kontrole- en rekordhoudingstelsel.

Dit is nou die regte tyd om 'n bestekopname te maak van hoe effektief die finansiële bestuursfunksie in jou boerdery toegepas word.

**Dié artikel is saamgestel deur Johan du Toit, Gerrit Oosthuizen, Izak du Plessis, Castuff Sekgala, Jacques Odendaal en JanDirk Engelbrecht (Senwes Landboudienste). Skakel hulle by (018) 464-7604 vir meer inligting oor dié artikel.**

# The story behind Safex

"Safex grew out of an informal market that was started by a local merchant bank in April 1987."

THERE ARE MANY FACTORS THAT PLAY A ROLE IN THE PRODUCTION OF GRAIN IN SOUTH AFRICA AND THEREFORE PRICE RISK MANAGEMENT HAS BECOME INTEGRAL TO THE SUCCESS OF ANY GRAIN BUSINESS.

**> TEXT: SIPHO LOWANE**

**Agricultural markets across** the world have moved away from government price intervention in favour of economic based markets. In South Africa, since deregulation of the market in the mid 1990's, the agricultural derivatives market has gone from strength to strength. The commitment from government in 1995 to stay out of the price determination process in the agricultural market remains firm, therefore allowing for a truly free market environment to develop.

## BACKGROUND

The South African Futures Exchange (Safex) grew out of an informal market that was started by a local merchant bank in April 1987. Following the demise of the agricultural control boards in 1995, Safex (which was then trading financial derivatives) agreed to create the Agricultural Markets Division (AMD).



The division commenced with a cash-settled potato and a chilled beef carcass contract. However, it was the white and yellow maize contracts that ensured the success of the division where eventually Safex became the pricing benchmark for grain products and the ultimate tool for price risk management. The derivates instruments used to manage price risk hail from these commodity markets.

In 2001 the JSE bought Safex and the AMD was converted and became known as the Agricultural Products Division (APD) of Safex.

## HOW THE APD OPERATES

The APD operates under defined rules and contracts specifications. Grain prices that are disseminated each day via the local and international media are a direct trading activity undertaken on the agricultural derivative markets of the APD. Currently white maize is the most liquid contract, followed by wheat, yellow maize, sunflower seed and soybeans. The division, due to its liquidity and integrity, is referenced throughout Southern Africa and is used by the cash market in South Africa to determine the fair value of these grain commodities where the prices generated are considered the industry standard and reference point.

## THE ROLE OF THE AGRICULTURAL DERIVATIVE MARKETS

The agricultural derivatives market recognises the importance of adding value to those who either participate directly or who refer to it as a benchmark for pricing. Producers and users of agricultural commodities hedge their price risk, thereby limiting their exposure to adverse price movements. This encourages increased productivity in the agricultural sector as producers and users are able to concentrate their efforts on managing production risks associated with variables such as the weather, farm or production management and seasonal conditions.

The derivatives market does not automatically increase prices for the producer, nor stop droughts and flooding. The market does not take the place of sound agricultural production policies, ongoing agricultural research or good agricultural infrastructure.





**Figure 1: Total grain contracts traded from 1998 to September 2011 (futures and options).**





**Figure 2: Total derivative contracts traded from 1998 to September 2011 (Futures and Options).**

* 2011's time period is from January to September, whereas for the other years the time period is the whole year.

But rather, the derivatives markets play an active role in price determination and transparency in the local agricultural market, whilst providing an efficient price risk management facility.

It is a tool in wealth creation for the agricultural sector as it allows for sustainable production on a continuous basis.

## KEY FACTORS INFLUENCING GRAIN PRICES

Grain prices are established in two separate, but related markets:

- The futures (derivative) market where contracts are traded for future delivery.
- The cash market where the physical grain is handled by firms such as grain elevators, processors, and terminals.

The five key factors influencing grain prices in South Africa are identified as:

- Local demand and supply (South Africa).
- Regional demand and supply (Southern Africa).
- International demand and supply.
- The exchange rate, since world grain is traded in US dollars. When the rand weakens, the demand for South African maize would increase, since it is cheaper in dollar terms thereby putting the local supply under stress.
- Market information – the grain market is information driven. When organisations like the Crop Estimates Committee (CEC), the weather bureau or the South African Grain Information Services release new information, the information has a direct impact on the current trading prices.

Consider a scenario where the rand is very weak to the dollar, huge shortages prevail in Southern Africa and an El Niño is predicted in the middle of the maize growing season: maize prices will soar.

Grain producers should also consider the effect of the location differential, which is the indicative cost of transporting stock from any Safex registered silo to Randfontein. The farm gate price reflects two components – the futures price and the differential. For example: a farm gate price of R1 400 for maize may derive from a futures price of R1 600 and a differential deduction of R200. It is helpful to think of local cash prices in terms of the futures component and the differential component when examining marketing alternatives.

## CONCLUSION

For the past years the Safex has provided an efficient facility for price discovery and price risk management for agricultural products in South Africa. The Safex Agricultural Products Division looks forward to the years ahead and is committed to providing South Africa and the region with an efficient and a cost effective product to manage price risk.

Safex seeks to provide a secure and efficient market for trading derivatives in South Africa.

## REFERENCES


- The Agricultural Products Division of the JSE, *www.safex.co.za.*
- Safex commodity derivatives monthly updates.
- Robert Wisner, *Grain price hedging basics.*
- Rod Gravelet-Blondin, *Growing the agricultural derivative exchange market.*


**Sipho Lowane is an Agricultural Economist and Coordinator at Senwes Agricultural Services. Contact him at (018) 464-7378 or send an email to *sipho.lowane@senwes.co.za*.**




# Geniet 'n koninklike bederf op die heuwel

FEATHER HILL SPA, GELEË OP DIE RAND VAN 'N HEUWEL, NET BUITE POTCHEFSTROOM, VIER VOLGENDE JAAR HUL VIERDE VERJAARSDAG EN WIL DAAROM GRAAG TIEN DAMES ASOOK 'N PAARTJIE 'N KONINKLIKE BEDERF BY DIE SPA GEE.




## >> DAMESDAG-KOMPETISIE

Tien dames kan op 28 Februarie 2012* as 'n ander mens huis toe gaan, nadat elkeen 'n dag by die spa deurgebring het. Die program vir die dag is soos volg:

- Welkomdrankie met aankoms
- Ontvang van japonne
- Ligte ontbyt
- Deluxe voetbehandeling
- Middagete
- Rug-, nek- en skouermassering
- Koek en tee
- 'n Me-Em geskenk ('n produk eie aan Feather Hill)
- Gebruik van hidro-fasiliteite voor en na behandelings

* Elkeen van die wenners sal op dié dag beskikbaar moet wees, anders word 'n nuwe wenner getrek.

**Skryf só in:**
SMS Senwes + Dame + jou naam + e-posadres na 31022. Sluitingsdatum: 25 Januarie 2012. Standaard SMS-tariewe geld.














## >> 2012-VALENTYNSGESKENK

'n Gelukkige paartjie sal op 14 Februarie 2012* bederf word met:

- 'n Romantiese hidro-bad;
- 'n Rasul behandeling;
- 'n Deluxe voetbehandeling; en
- 'n Romantiese middagete.

Om 'n aandete by die spa te geniet en 'n aand te oornag is opsioneel vir die wenpaartjie. Om 'n bespreking vir laasgenoemde te maak, skakel (018) 285-1050.

* Die wenners kan slegs op Valentynsdag, 14 Februarie 2012, die prys gebruik.

**Skryf só in:**
SMS Senwes + Valentyn + jou naam + e-posadres na 31022.
Sluitingsdatum: 25 Januarie 2012. Standaard SMS-tariewe geld.

# Geniet watertandlekker geregte in pragtige eetstel

MEESTE GASVROUENS HOU DAARVAN OM HAAR GASTE EKSTRA SPESIAAL TE LAAT VOEL DEUR DIE ETE IN 'N BESONDERSE, "NET-VIR-GASTE"-EETSTEL VOOR TE SIT. 'N STYLVOLLE, SWART EETSTEL IS IDEAAL HIERVOOR EN JY KAN SO 'N EETSTEL VAN ARGILLA WEN.



**>> *SENWES SCENARIO* WEGGEEPRYS**

SMS Senwes + Argilla + jou naam + e-posadres na 31022 om só 'n eetstel van Argilla te wen. Kompetisie sluit 25 Januarie 2012. Standaard SMS-tariewe geld.

## HEMELSE STEAK



### Bestanddele

1 kg saggemaakte steak
Vleisspeserye
Meel
1 ui, opgesny in ringe
1 pak opgesnyde sampioene
250 ml room
1 eetlepel Worcestersous
1 eetlepel blatjang
1 eetlepel tamatiesous
1 pakkie wit uie-soppoeier
1 koppie gerasperde kaas

### Metode

1. Strooi speserye oor die steak en rol dit in die meel.
2. Plaas in Argilla bak (verkieslik Utility Dish).
3. Plaas uieringe en sampioene bo-op die steak.
4. Meng die room, Worcestersous, blatjang, tamatiesous en soppoeier. Gooi oor die steak.
5. Strooi kaas oor.
6. Bak vir 60 tot 90 minute teen 140°C.

>>


**Vir meer inligting oor Argilla óf om self vir jou van die Argilla kombuisware aan te skaf, skakel vir Betsie Grobbelaar by 083 287 5249 of (018) 468-5199.**

## >> VIR DIE FLIEKVLOOIE

**Kung Fu Panda 2**
Animasie met stemme van Jack Black, Angelina Jolie, Dustin Hoffman, Gary Oldman, Jackie Chan, Lucy Lu

*Kung Fu Panda 2* is 'n uitstekende vervolg op die oorspronklike rolprent. Die animasie is steeds elegant, dit is propvol energie en die storie is nie net 'n herhaling van die eerste nie en het selfs dieper vlakke met Po wat uitvind wat met sy regte ouers gebeur het en hoe 'n gans sy pa geword het. Dié deel van die verhaal is nou verweef met die nuwe ontwikkelings in die land. Po lei steeds die Furious Five as Dragon Warrior en vind uit dat daar 'n bose pou is wat 'n nuwe wapen laat ontwikkel het waarmee hy die land wil oorneem en koeng foe wil uitwis.

Heerlike fliek vir die hele gesin.





**Juan-Jacques Fourie, 2011 se Laerskool Senwes Entrepreneur-wenner, ontvang sy R5 000-prysgeld van Riaan Wilken (Bestuurder: Bedryf, Senwes Village).**

# Ou buitebande maak snoesige hondebedjies

**Juan-Jacques Fourie van** Laerskool Jim Fouché in Bloemfontein is op 10 November vanjaar aangewys as die laerskool-wenner van Senwes se sesde Entrepreneurskompetisie. Hy het 'n R5 000 kontantprys ontvang vir sy "Speel lekker, slaap lekker" besigheid, wat hondebeddens vanuit weggooi-buitebande maak. Die wenner word gekies op grond van sy/haar besigheidsplan wat vroeër vanjaar voorgelê is.

Clinton Massyn, 'n deeltydse dosent en konsultant by die Universiteit van die Vrystaat, het as gasspreker tydens die oorhandigingsfunksie in Bloemfontein opgetree. Hy het gefokus op rolmodelle en die belangrikheid daarvan om vroeg in 'n mens se lewe iemand te hê om na op te kyk. Juan-Jacques is glad nie skaam om te erken dat Jesus sy rolmodel is nie.

Tjaart Breedt (Grey College Primêr) se Karamel Kombuis het vir hom 'n tweede plek en R3 000 besorg vir die maak van karamelprodukte terwyl Eleanor Raath (Laerskool Jim Fouché) met die derde plek en R2 000 beloon is vir haar Big Banana Bonanza wat karamelpiesangs maak en verkoop.

## >> GRAANPRYSE VERSKYN LATER

Alle graanpryse wat deur Senwes aan die publiek vertoon word, word nou met 15 minute vertraag en is dus nie meer lewendig nie.

Die pryse sal van nou af vertraag wees omdat die JSE (wat die data skep) 'n vergoedingsmodel rondom hierdie data in plek gestel het. Safex-pryse wat aan die publiek vertoon word (LCD, SMS, webtuiste, mobi ensovoorts) sal met 15 minute vertraag word omdat vertraagde data gevrywaar word van hierdie vergoedingsmodel.

Die verhandelaars het egter steeds intydse data tot hul beskikking.



Help jou plant sy las dra



Ons verstaan wat vir jou saak maak

OMNIBOOST™

- Verhoog wortelontwikkeling
- Help plant om stres te bestuur
- Verhoog opbrengs en verbeter produkkwaliteit

Kontak ons 011 709 8778 / 011 709 8916 of jou plaaslike Omnia landboukundige

www.omnia.co.za

omnia
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE*
*the science of growing • wetenskap vir groei

# Sonder jou is die graaf te swaar vir my



Ds Willie Botha

**Teen my skoonma, Hesca, se** yskas is 'n pragtige magneet met die volgende woorde op: "Sonder jou is die graaf te swaar vir my en val die geil reëns van die berge sonder doel." DJ Opperman het dit gesê.

Die oomblik as jy die woorde lees verstar jou denke, want dit is ongelooflik mooi. Net die volgende oomblik dan skop jou eksegetiese brein in en jy begin wonder wat die konteks was waarin hierdie woorde gebore is. Miskien was dit iets wat hy by iemand anders gesien het. Dalk 'n boer wat sy hele inspirasie vir sy lewe by sy lieflike vrou kry. Moontlik selfs 'n boer wat by die graf van daardie vrou van hom staan en wonder hoe hy van hier af vorentoe sal kan aangaan. Wat van 'n songebrande jongboer wat 'n pragtige meisie se hande in syne neem, diep in haar oë kyk en hierdie woorde vir haar sê voordat hy 'n ring uit sy broeksak haal.



"Wanneer daar in elke skopgraaf vol grond 'n einde van die dag is en in elke paar druppels reën 'n gedeelde doel is, het ons by eenvoudige liefde gearriveer."

**'N VERHOUDING MET INHERENTE WAARDES IS EEN WAT:**

- Eenvoudig verlang;
- eenvoudig lag; en
- kinderlik huil.

Ek mis iets van hierdie woorde wanneer ek met jong paartjies werk. Ek mis die moontlike kontekste waaruit hierdie woorde dalk gebore is. Onwillekeurig vang ek myself uit dat ek vra: "Wat maak dat paartjies nog vir mekaar lief bly – aanvanklik lief word?" Dalk is dit die eenvoud van die liefde wat ek mis. Sonder pretensies, sonder om iemand met geld te beïndruk, sonder om jou dood te sukkel om 'n verhouding te maak werk. 'n Verhouding met inherente waardes. 'n Verhouding wat eenvoudig verlang, 'n verhouding wat eenvoudig lag, 'n verhouding wat kinderlik huil.

In die Bybel lees ek van een so 'n verhouding. In Genesis 29:20 staan: "Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad." Dalk het Opperman vir Jakob geken. Vandat Jakob vir Ragel ontmoet het, het hy die swoegsweet van 'n moordende woestynson verdra. Die winternagte se ryp het onder sy voete gekras. Selfs wanneer sy skoonpa oneerlik oor die verdeling van die aanteel was, het hy vasgebyt en uitgehou. Hoekom? Ragel was op die spel. Later as hy vir Lea in plaas van Ragel kry, is hy bereid om nog sewe jaar te werk, want sonder haar is die graaf te swaar vir hom en val die geil reëns van die berge sonder doel. Maar sy is toe vroeg dood.

Genesis 35 vertel die voortydige afloop van hierdie liefdesverhaal: "Jakob het 'n groot klip op haar graf gesit. Dit is die klip wat nou nog op haar graf is." Dalk was dit 'n groot klip sodat solank hy nog geleef het, daar 'n plekkie was in die woestyn waarna sy gedagtes kon heen vlug. Wanneer daar in elke skopgraaf vol grond 'n einde van die dag is en in elke paar druppels reën 'n gedeelde doel is, het ons by eenvoudige liefde gearriveer.

>> **Ds Willie Botha is van die Nederduitsche Hervormde Gemeente op Lydenburg. Skakel hom by 082 786 3458 of stuur 'n e-pos aan *wbot@absamail.co.za*.**

# Winste uit rugbyklere vir goeie doel aangewend



**'n Bedrag van R50 000 is geskenk aan Agri Securitas. Japie Grobler, in sy hoedanigheid as Voorsitter van Senwes, oorhandig die tjek aan Johannes Möller, links, President van Agri SA en Trusteelid, tydens Agri SA se kongres vanjaar.**

**Suid-Afrikaanse** rugbyondersteuners mag dalk nou hul Springboktruie weggebêre het, maar die aankoop van gelisensieerde Springbok Rugbywêreldbeker ondersteunersdrag deur Senwes se e-winkel en by dié landboumaatskappy se Senwes Villages, was nie tevergeefs nie.

Senwes in samewerking met Noordwes Krieket en Agri SA het 'n bedrag van R50 000, wat deel uitmaak van die winste van die projek, aan Agri Securitas oorhandig tydens Agri SA se kongres op 13 Oktober vanjaar. Agri Securitas is 'n Agri SA-projek wat verskeie misdaadvoorkomingsinisiatiewe in landelike gebiede en traumaberadingswerkswinkels befonds.

### SPINNERS DEEL IN DIE WINS

Die res van die winste sal aan die Senwes Spinners Ontwikkelingskrieketprogram geskenk word. Die Senwes Spinners Krieket-Ontwikkelingsprogram fokus op die ontwikkeling van krieket in die landelike gemeenskappe in Senwes se bedieningsgebied. Die program word in samewerking met Noordwes Krieket aangebied en voorsien afrigting vir beide spelers en afrigters, om sodoende volhoubare strukture te vestig. Spanne ding jaarliks mee tydens die Senwes Spinners-liga.

### >> SENWES SPINNERS WYS GESIG OP SUPERSPORT

'n Volledige program wat 'n oorsig oor die sukses van die Senwes Spinners-program gee, sal op 15 Desember vanjaar om 18:30 op SuperSport 2 uitgesaai word. Om te sien wanneer die herhalings van dié program uitgesaai word, besoek Senwes se webtuiste by *www.senwes.co.za*. Tye kan verander.

# *Senwes spreek jongboere se behoeftes aan*

Senwes het die inisiatief geneem om werkswinkels vir jongboere aan te bied. Die doel van die werkswinkels is om die behoeftes van die jong kommersiële vee- en saaiprodusent op 'n sigbare en praktiese wyse aan te spreek.

"Die idee is om jongboere bloot te stel aan ander noodsaaklike bestuursfasette wat bemeester moet word en hulle toe te rus deur die voorsiening van nuttige praktiese besigheidsbestuursriglyne," het Johan du Toit (Bestuurder: Senwes Landboudienste), wat die werkswinkels aanbied, gesê.

Die eerste werkswinkel wat vanjaar gehou is, het jongboere verryk met kennis en vaardighede in finansiële bestuur en dit het hulle gehelp om moontlike tekortkominge in hul finansiële bestuursprogram te identifiseer en aan te spreek. Die tweede werkswinkel het gefokus daarop om die "ander" bestuursfasette van boerderysukses onder jongboere se aandag te bring en dit het hulle gehelp om hul boerdery se mededingende voordeel te kan identifiseer, om daarvolgens 'n volhoubare strategie te kan bepaal.

Vir 2012 word daar nog werkswinkels beplan. Die volgende is van die fasette wat in die werkswinkels bespreek sal word: bemarking, kwaliteitsbestuur en naspeurbaarheid, aanpasbaarheid, pro-aktiwiteit, persoonlike leierskap, tydsbestuur, bestuur van verhoudings en SEB.

Hou Senwes se webtuiste (*www.senwes.co.za*) asook hul gedrukte en elektroniese publikasies dop om te sien wanneer die 2012-werkswinkels sal plaasvind. Vir meer inligting oor die werkswinkels, skakel Johan du Toit by (018) 464-7543.

# Perfect for those who are health conscious




MOST OF US HAVE A NEW YEAR RESOLUTION OF EATING HEALTHIER AND EXERCISING MORE OFTEN. SENWES SCENARIO IS THEREFORE GIVING AWAY A SALTON FOOD STEAMER IN THIS ISSUE, WHICH IS GREAT FOR VEGETABLES, RICE, CHICKEN, FISH AND SEAFOOD. TWO STEAM BASKETS AND A RICE BOWL ARE INCLUDED WITH THIS STEAMER.

IT HAS A 1,5 LITRE WATER CAPACITY WITH A HANDY TOP-UP FACILITY.

## HOW DO YOU ENTER?

SMS the word **Senwes** + **Scenario** + **your name** + **your email address** to 31022 and stand a chance to win this food steamer. The competition closes on **25 January 2012**. Standard SMS tariffs apply.

**WINNER OCTOBER 2011: Let van Aswegen from Ventersdorp won the Nikon digital camera. Congratulations!**



# Senwes bedank verskaffers met spogfunksie

**Op Vrydagaand, 28 Oktober,** het Senwes by die Kayalami Theatre on Track in Midrand 'n funksie gehou vir hul verskaffers en besigheidsvennote om erkenning te gee en dankie te sê vir die rol wat hulle in die maatskappy se sukses speel.

84 verskillende verskaffersgroepe was by dié geleentheid teenwoordig en gaste is getrakteer op uitstekende kos en vermaak deur die plaaslike strykkwartet, Sterling EQ. Die tema van die aand was "Food for thought".

Francois Strydom (Besturende Direkteur) het verskaffers ingelig oor Senwes se toekomsstrategie en doelwitte. "Senwes het die besluit geneem om ons strategie uit te voer op 'n vennootskapbasis. Wanneer dit kom by ons kernvaardighede soos insetverskaffing en marktoegang, is bestuurskontrole belangrik en daarom is verhoudings met ons insetverskaffers en strategiese vennote van kritieke belang," het Strydom gesê.



**Verteenwoordigers van maatskappye uit verskeie oorde het Senwes se verskaffersfunksie bygewoon. Van links is Piet Naudé (Hoofbestuurder: Absa Besigheidsbank, Pretoria), Francois Strydom, Japie Grobler (Voorsitter: Senwes), Erich Jordaan (Aankoopbestuurder: Tiger Brands) en Carel Theron (Bemarkingsbestuurder: John Deere SA).**

# Kampeer in styl

**Basecamp het 'n** verskeidenheid van kampstoele, braaitoerusting, tentbykomstighede, hangmatte en kampeerkabinette en nog vele meer.

Die kombinasie van hoë gehalte, 'n wye verskeidenheid en bekostigbare produkte, maak hierdie buitelewe reeks bykomstighede onweerstaanbaar. Jy sal wil kamp opslaan in jou agtertuin net om die gevoel te kry.

☞ Basecamp is slegs beskikbaar by landboumaatskappye.

- Stoele word vervaardig van 600D poliëster met 'n dubbelnaat afwerking.
- Meeste stoele het 'n maksimum gewig van 150 kg.
- Sterk, liggewig aluminium struktuur vergemaklik die opslaan van die produkte.
- Unieke ontwerp en kleurkombinasie.






# 'n Kuier in Boesmanland



Koos Barnard

*"Liewe Grootkoos*
*Ek het na jou gesoek vandag*
*vroegoggend het ek my 'n oomblik lank verbeel*
*dat dit jou oë is wat die ylblou met die hemel deel.*

*Toe was dit weer asof ek jou growwe hande*
*op die rugkant van 'n berg gewaar,*
*maar toe ek nader gaan, vind ek net klip en klowe,*
*eelte deur die tyd gebaar.*

*Teen die middag*
*het ek dankbaar teen jou groot sterk lyf geleun*
*maar toe my hand na joune reik*
*het dit oor growwe kameeldoringbas gestryk.*

*Laatmiddag toe die son koers huis toe kies*
*het ek jou na my hoor roep*
*maar toe ek antwoord moes ek vind*
*jou stem was net 'n swartkorhaan*
*wat in die bleek lig kla oor die koue wind.*

*En toe die aandster oor die rante beur*
*het ek my vas verbeel*
*dis jou lag wat die hemel met blinkwit liggies kleur.*
*Maar dit was bloot 'n droom.*
*Want uit die skadu's het net hy gewink,*
*die donker dier*
*wat die bitter beker van verlange skink."*

**Ja, so het ek vandag gedink** hier in die Boesmanland toe ek in dié wye wêreld op gemsbokspore gestap het. Ai, ou Barnie, jy sou dit geniet het om so saam tussen die driedorings en kokerbome en kaiingklip te kon stap. Ek weet sommer jou oog sou die graslaagtes gemeet het en jou verbeelding sou 'n trop swartkarakoele opgetower het, besig om veepos toe te tou.

Die stilte hier het my vandag weer opgeval. Ek onthou dat die Moordenaarskaroo ook so salig stil kan wees. Dit was mos op 'n sterbelaaide, stil nag daar in die Karoo dat Piet kom vertel het van jou en Vader Tyd. Dat jy gehaal is...Die stilte is net mooier, sagter en wyer in die Boesmanland of miskien verbeel ek my dit oor ek vandag jou voetstappe so duidelik hoor.

Het Pa die muggies opgemerk? Jis, hulle het my darem vandag getreiter en nogal so ver van die rivier af. Onthou Pa hoe ons hulle moes verduur daar langs Grootrivier...daglank as ons lusern sny of leivore skoffel. Dan het ons mos balderjan gepluk en om ons koppe gebind sodat die kruid se reuk hulle 'n bietjie kon weghou. Ek het vandag gemerk dat selfs die gemsbokke raadop voorkom – hulle ore en sterte was nooit stil nie en soms het hulle sommer ente gehardloop om van die muggiewolke weg te kom.

Hey, ek het bitterghaap gesien Kola! Van die soort wat jy altyd gepluk het, die dorings afgesny het en dan die stammetjies sorgvuldig in dun skyfies met jou knipmes gekerf het om tydsaam te eet. Onthou Pa, ek het dit mos eenkeer probeer. Hel, dis bitterder as gal! Terloops, ek het gehoop dat ek iewers tussen die kliprante my bul sou skiet, daar waar die kokerbome sommer in sulke trosse teen die skuinstes vasklou. Maar die wat ek gesien het, was meestal op die vlaktes, seker maar oor die windjie daar sterker stoot en by tye die verpestelike muggies 'n bietjie weghou.

Ek het laatmiddag 'n trop van goed 40 aan die voet van 'n waaiduin teen 'n hoë rant gewaar. Gelukkig kon ek omglip aan die agterkant en buite sig klim tot bo die bokke. Die waaiduin het reg tot by die kruin gestrek en ek kon lekker op my maag in die rooisand lê en uitsoek-skiet. Daar was 'n groot bul met sulke weglêhorings onder die klomp en dit was vir hom wat ek met die .30-06 lêgemaak het.

Onthou Pa daai laaste koedoebul wat Pa geskiet het, saam met Louis mos, daar in Suidwes. Hy het die een bul geskiet en toe die tweede regs kom hardloop, hoog teen die rant, het Pa hom platgetrek. Jis, dit was 'n goeie skoot en ek onthou steeds hoe trots ek was.

Dis donker nou, die gemsbok is versorg en ek sit langs die vuur en luister na die stilte terwyl die sterre blinkwit om die melkweg dans. Hier iewers is 'n langasem-uiltjie vreeslik aan't soebat vir 'n maat. Hulle was mos net so baie daar op ons erf in Kakamas, veral op die landjie neffens die huis. Wonder of hulle nog daar kom maatjie soek.

As jy hier was ou Barnie, weet ek, sou jy vanaand koffie wou hê en drooggebraaide karakoel-lieslap. Maar dis laat, ek wil gaan slaap. Nag, Grootkoos; en dankie vir die kuier. Dis lekker dat Pa nog hier is...al is Pa weg.

>>

**Koos Barnard is 'n voltydse jagskrywer.**

# In our VILLAGE we create a better future






**Senwes Village is your one-stop agricultural, outdoor and farming mechanisation company** providing specialised, comprehensive, professional service and product ranges of the highest quality. Over a hundred years of experience, a sound infrastructure, supported by the best quality products, friendly expert service, as well as outstanding after-sales support, ensure that Senwes Village is your most comprehensive agricultural and business partner.

Senwes Village promises a friendly shopping experience where friends meet to share in one another's success. We nurture long-term friendships and offer outstanding products in order for you to grow profitably.

BREAKING NEW GROUND Senwes village

*Senwes Village - with over 100 years of experience behind us we can ensure outstanding service, quality products, specialist advice and good old-fashioned friendliness.*

**TOLL-FREE: 080 941 4011 | www.senwes.co.za | www.senwes.mobi**




# THE PERFECT MATCH

For every farmer there is a perfect John Deere.
Visit your nearest John Deere dealership for details.



JOHN DEERE

www.johndeere.co.za